Mr. Erasmus was requested to make a sign to be put at the entrance to the observing site. He agreed to do the necessary. The chairman suggested that the opening of the observatory be discussed on our next meeting. Mr. Muller also asked that the matter of talks given by members be discussed on our next meeting.

A donation was received from Mr. Rhodes in the form of old alarm clocks as well as some wooden cases which can be used to cover the time clock. R1,10 c tee collections was also received.

#### **November 9de, 1972, Huis van Mnr. G. J. Muller, Wilcocksweeg 35, om 8nm.**

Met betrekking tot Mnr. Erasmus se voorstel om die 4 1/4 duim refraktor op die 9 3/8 duim reflektor te plaas is daar besluit dat 'n "rightangle" aankoop moet word vir die 4 1/4 duim om waarneming te vergemaklik. Die sekretaris is aangesê om dit te doen.

Mnr. Erasmus verwittig dat hy 'n Cook fotografiese lens vir R20 in die hande kan kry. Die voorsitter versoek hom om die nodige in die verband te doen. Aangesien daar op die oomblik slegs R22 in die klub se bankrekening is sal Mnr. Erasmus karaktersketse van lede wat hy gemaak aan hulle verkoop teen R2 elk en die geld dan aan die klub skenk.

Die voorsitter verwittig dat hy Musgrave gekontak het in verband met die beligting van die wapenfabriek. aangesien Mnr. Musgrave self nie tevrede is met die beligting nie het hy gesê hy sal met die veiligheids mense daarvoor praat.

Die voorsitter versoek Mnr. Erasmus om die lens van die een 6 duim teleskoop te versilwer aangesien dit lyk asof dit vol kolle is.

Die waarnemings afdeling rapporteer dat daarop Vrydagoggend 17 November 1972 om 2 uur vanuit die konstelasie Leo 'n meteorreën sal plaasvind. 'n Skrywe in die verband sal aan elke lid verskaf word deur Mnr. de Leeuw en Van Zyl.

Skrywes is ontvang van Natal in die vorm van 'n agenda en vanaf Pretoria in die vorm van 'n Tydskrif en ster kaart wat op die oomblik geleen word deur Mnr. Keuris.

Dit is weereens genoem dat lede die sterreheemel in eie tyd moet bestudeer om die konstellasies te leer ken. Daar kan begin word met Orion en die omliggende konstelasies.

Daar word besluit om die tafel wat tans by Mnr. Walker is aan hom te gee in ruiling vir 'n tafel wat in die sterrewag sal pas. Mnr. Erasmus verwittig dat die naambord van die sterrewag amper klaar is en eersdaags opgerig sal word.

Die opening van die sterrewag word daarna bespreek en daar word besluit om die volgende mense te nooi: Prof. Jarret en sy mense, Prof. van Wyk, Mnr. Lincoln, die Fichards, die stadsingeneur, stadsklerk en die pers. Die vrouens van die lede kan die nodige verversings verskaf. Die datum vir die opening is is egter nog nie vasgestel nie.

## 1973

### **January 11th, 1973, Residence of Mr. Erasmus, at 8pm.**

It came to notice that Mr. Erasmus succeeded in buying the Cook photography lens as was requested on the previous meeting for R20. The secretary was requested to draw the owing amount. It came to notice that Mr. Erasmus completed the signboard and the Chairman said that he would contact Mrs. Fichardt in this regard. (The erection of the board).

Mr. vd Berg informed that the setting circles for the 9 3/8 inch telescope are nearing completion. As the mirror of the 9 3/8 inch is in a bad condition the chairman asked Mr. Erasmus to do the necessary silvering, whenever it is possible for him.

A Suggestion was made that a monthly newsletter be sent to our corresponding members but nothing definite was decided in this regard.

The meteor shower of the 17th November 1972 was discussed and all agreed that it turned out to be a fiasco due to the fact that only one or two meteors were spotted during the whole event. It came to notice that on the night of the 24th March there will be a star occultation between 12 o'clock and two o'clock Saturday morning. It was decided to attend to this occultation but further discussions was put off till our next meeting.

A donation of R1,00 was received from Mr. vd Berg as well as R2,00 from Mr. Rhodes, for the drawing made by Mr. Erasmus. The tea collection amounted to R1,15.

### **Februarie 8ste, 1973, Huis van Mnr. G. N. Walker, Vilonelstraat 39, om 8nm.**

'n Begeerte is uitgespreek dat die Vereniging se besittings op 'n sentrale plek in bewaring gehou word bv. die Cook lens, die "starviewers" ens. Mnr. Rhodes bied aan om die artikels in die bewaarkuis by sy werksplek te stoor. Daar word voorgestel dat 'n kas aangekoop word vir hierdie doel. Mnr. Rhodes bied aan om die nodige in die verband te doen.

Die Voorsitter verwittig dat die aandrywing van 9 3/8 teleskoop in 'n swak toestand is en verander sal moet word. Dit lyk dat die ratte foutief is. Hy verwittig verder dat die syfers op die sirkels wat deur Mnr. vd Berg gemaak is, is ongerieflik. Aangesien Mnr. vd Berg nie teenwoordig is nie is besluit om dit tot volgende vergadering oor te laat.

Daar is besluit om hierdie maand die Vereniging se eerste nuusbrieff uit te stuur aan lede en Mnr. de Leeuw is versoek om dit op te stel. Die serkretaris sal die nodige inligting in die verband verskaf.

'n Begeerte is uitgespreek dat die teleskope van die Vereniging teen diefstal ens. verseker word. Mnr. Walker verwittig dat hy inligting in die verband sal verkry. Daar word besluit om die teleskope te verseker vir R500.

Dit blyk dat die okkultasie van die 24ste Maart 'n moeilike okkultasie aan die ligte kant van die maan sal wees.

Mnr. Muller verwittig dat hy met die kontrakteurs in aanraking gekom het vir die oprigting van 'n latrine by die sterrewag en hy hoop om op die volgende vergadering meer inligting te kan verskaf.

'n Donasie is van Mnr. Rhodes ontvang van R5 wat baie welkom is.

### **March 8th, 1973, Residence of Mr. D. P. de Leeuw, Gravestr 9, at 8pm.**

Mr. de Leeuw said that he could get a wooden box for the centre's lenses and eyepieces. Mr. Walker volunteered to paint the 9 3/8 telescope. It was decided that this telescope will be transported to the observatory on coming Wednesday evening the 14th March. Mr. Rhodes, Erasmus, Linde, de Leeuw and Nesar will be available for the loading and off loading of the telescope. The chairman requested Mr. Erasmus to do the silvering of the 9 3/8 inch and 6 inch telescopes mirrors to which he agreed.

In connection with the signboard of the centre, the chairman reported that Mrs. Fichardt agreed to the proposed name of the centre as well as place of erection of the signboard. It will be so placed that it would be visible from the road with two arrows pointing the way.

It was decided that the following people would be invited to the opening of the observatory: Mrs. Fichardt and relatives, Prof. Jarret, Prof van Wyk, Mrs. Boshoff, Ross and Van Schalkwyk, Tyler and Mr. Lincoln as well as the press. Miss Booth agreed to organise the necessary refreshments with the help of some of the member's wives.

A letter was received in connection with a group of American professional and amateur astronomers visiting South Africa, asking for interested persons to act as a travel guide to these people. The Chairman said that he would contact Prof. Jarret in connection with this.

A letter in connection with the Forbes Essay competition as well as entry forms was received and it was decided that members will personally distribute the forms to the following schools: St. Andrews, Eunice, Greenhill Convent, Grey College, Technical High School, St. Michaels.

The following teams will attend to the occultation of the 24th March.: Mrs Keuris and Nesar, Erasmus and Linde, Rhodes and Booth, Walker and de Leeuw, vd Berg and Muller. All will come together at 2.30 pm at the drive inn on the Soutpan road before going to the site.

### **April 12de, 1973, Huis van Mnr. B. vd Berg, Athloneweg 22, om 8nm.**

'n Ou gereedskap kas is deur Mnr. de Leeuw aan die tak geskenk waarin alle lense en oogstukke en ander besittings geplaas kan word. Die deksel van die kas sal egter herstel moet word en die kas geverf word. Die Cook lens en skyviewers is intussen voorlopig aan Mnr. Rhodes oorhandig om veilig in 'n brandkluis te plaas.

Die 9 3/8 duim is na die sterrewag vervoer deur Mnr. de Leeuw en seuns van die Tegiese Hoërskool. Die voorsitter bedank Mnr. de Leeuw namens die vereniging hiervoor. Mnr. Erasmus verwittig dat hy nog nie die versilbering van die 9 3/8 duim aangepak het nie, aangesien hy hulp nodig het om dit te doen. Mnr. Muller het aangebied om behulpsaam te wees. Met die bakstene wat oorgebly het sal 'n stoepie by die sterrewag gebou word. Lede kan die sinkplate wat oorgebly koop teen 10c 'n voet, en sal dit self moet gaan haal.

Omtrent die okkultasie van 24 Maart kan met sekerheid gesê word dat okkultasies aan die ligte kant van die maan buite die kwessie is. Dit blyk ook dat die tydseinapparaat redelik goed werk en dat die tydsein so ver as 280 tree langs die draadheining opgevang is.

Die voorsitter verwittig dat hy op die eerste Mei 'n praatjie moet lewer voor die KJV van Bloemfontein Noord en daarna sal hulle na die sterrewag geneem word vir algemene waarnemings. Die volgende lede bied aan om te help: Mej. Booth, Mnr. vd Berg, de Leeuw, FC Nesor, J Rhodes.

#### **May 10th, 1973, Residence of Mr. G. J. Muller, 35 Wilcocks Street, at 8pm.**

A Proposal by the chairman that the trunk in which the lenses and eyepieces are being stored should be kept at the observatory was accepted. Mr. Erasmus promised to donate a camera body which can be utilised with the Cook lens. The tube of the 9 3/8 inch needed repainting and Mr. Walker volunteered to do the necessary painting. The chairman requested that the stoep of the observatory be completed before May 1973. The road to the observatory as well as the signboard had to be completed. Mr. Rhodes promised to transport 6 chairs, 3 tables as well as a gas stove to the observatory. Miss. P. Booth will be responsible for the refreshments and she requested the secretary to supply her with a list of guests attending the opening. The secretary undertook to send out the invitations - the time of opening being 3:30.

The chairman will contact Prof. van Wyk and ask him to be guest speaker at the opening. Mr. de Leeuw offered to make a ladder to reach the eyepiece of the 9 3/8 inch telescope. Mr. Rhodes was requested to prepare a subject for discussion at the next meeting.

#### **Junie 14de, 1973, Huis van Mnr. G. N. Walker, Vilonelstraat 39, om 8nm.**

Na aanleiding van hulle hulp met die verversings met die opening van die sterrewag is 'n spesiale woord van dank teenoor Mej. P. Booth en Mnr. & Mev. Mahaffey uitgespreek. Mnr. Rhodes is ook bedank vir die verskaffing van stoele. Dank is ook teenoor die volgende persone uitgespreek: Mnr. Walker wat die 9 3/8 duim se buis binne geverf het, Mnr. de Leeuw vir die gerieflike leer, Mnr. Erasmus vir die versilbering van die twee spieëls en Mnr. Van der Linde vir die pak van die bakstene om die sterrewag.

Die spieëls moet nog reggestel word en die buis moet buite om geverf word. Die kas met die oogstukke in sal ook nog na die sterrewag gebring word.

Die voorsitter versoek die sekretaris om Proff Van Wyk en Jarret per brief te bedank vir hulle belangstelling en bywoning van die opening van die sterrewag. 'n Brief van waardering moet ook gerig word aan die Fichardts vir die skoonmaak en verwydering van die gras om die sterrewag asook ander hulp wat verleen is.

Mnr. Walker noem dat daar 'n okkultasie op Vrydag die 3de Augustus sal plaasvind om 17:49 uur deur 'n 8.5 sterlite ster. Die punt van die okkultasie is aan die westekant van die renbaan onderkant Brandkop. Daar word besluit om die okkultasie aan te pak en verdere besprekinge in die verband sal op die Algemene Vergadering gehou op die 12de Julie 1973 plaasvind. Mnr. Rhodes stel daarna die lede se kennis van astronomie op die proef deur vrae wat hy vra uit "1001 Questions about Astronomy".

#### **Julie 12de, 1973, Vyftiende Algemene Jaarvergadering, Huis van Mnr. G. J. J. Linde, om 8nm.**

Al die bestuurslede is op voorstel van Mnr. Prinsloo herkies, nl:

Voorsitter: Mnr. G. J. Muller

Onder Voorsitter: Mnr. J. Rhodes

Ere Sekretaris/Penningmeester: Mnr. F. C. Nesor

Komiteelede: Mnr. G. N. Walker, D. P. De Leeuw

Finansies: Die balans van die spaarrekening toon 'n krediet van R34,33 soos aangetoon in die balansstaat.

Gebruik van die sterrewag: Mnr. Muller stel voor dat daar minstens een maal 'n week waarnemings gedoen moet word. 'n Program vir die jaar sal deur Prof. Jarret uitgereik word. Mnr. Rhodes stel voor dat 'n publieke sterreaand gehou word met die nodige publikasies in die koerante. 'n Studie van die jaarboek moet gemaak word om te sien hoeveel planete gelyktydig in een aand gesien kan word.

Bates van die tak:

1. 1 Sterrewag
2. 1 - 9 3/8 duim reflektor teleskoop
3. 2 - 6 duim reflektor teleskope
4. 1 - 1/4 refraktor teleskope

Ander:

1. 3 - 25 mm oogstukke
2. 3 - skyviewers
3. 1 - tafel en stoel
4. 2 - maankaarte
5. 1 - diagonaal vir die refraktor teleskoop
6. 1 - Cook fotografiese lens plus 'n "camera body"
7. 2 - Grasbesems, verestoffer en stoflappe
8. 1 - Thermofles
7. 1 - Theodolet en 2 pote

Voorsitter se jaarverslag:

'n Kort maar prikkelende verslag word gelewer deur die herkose voorsitter, Mnr. Muller waarin hy noem dat die tak definitief meer aktiewe waarnemings van die sterre sal moet doen. Lede sal ook meer moet lees sodat besprekings op die vergaderings kan plaasvind van wat gelees is. Hy bespreek ook die opening van ons sterrewag waar ons as 'n blyk van ons waardering vir die beskikbaarstelling van 'n stuk grond op Brandkop, 'n sleutel oorhandig is aan Mnr. Ewald Fichardt. Aangesien die fasiliteite nou beskikbaar is vir die lede moet daar dan ook van die vriendelikheid van Prof. Jarret gebruik gemaak word om 'n program vir die tak op te stel.

#### **August 9th, 1973, Residence of Mr. Erasmus, de la Reyave, at 8pm.**

The occultation of the 3rd August, 1973 was discussed and it was agreed that it would have turned out a success but for the fact that the moon was covered by a cloud at the very last moment. The reception of the ZUO time signal however, was very good. Mr. Walker advised that on the 4th October and 20th November there would be a occultation on the Dealesville rd and one near Bloemfontein. The first occultation takes place, at 11.42 pm, the star being a 3 magnitude, the second at 4.30 am the star a 7.6 magnitude. Further discussion in this regard was put off until the next meeting and the rest of the evening was spent on general discussions.

Mr. Linde was requested to prepare a chapter from "1001 questions of astronomy" for discussion on the next meeting.

#### **September 12de, 1973, Huis van Mnr. G. J. Muller, Wilcocksweg 35, om 8nm.**

Die okkultasie van die 4de Oktober het weereens onder bespreking gekom en daar is besluit om voorlopig die volgende spanne te vorm. 1) Mnr. Walker en de Leeuw 2) Mnr. Muller en Naser. Die okkultasie begin om 11.42.17 SAST en vind aan die donker kant van die maan plaas. Die ster is 'n sterkte ster nr. SAO 187756. Daar is besluit om 'n spesiale vergadering te belê op Donderdag 27 September waarna die finale reëlings getref sal word.

Besprekings ivm die okkultasie op die 20ste November word voorlopig uitgestel tot die volgende vergadering.

#### **September 27ste, 1973, Huis van Mnr. G. J. Linde, Genl. Hertzogstraat 94, om 8nm.**

Daar is besluit om die volgende opname te vorm ivm die okkultasie. Mnr. Muller en Naser, Walker en de Leeuw, Rhodes en Linde, Mnr. Mahaffey. Daar word besluit dat lede by die plek van die okkultasie sal bymekaar kom by die 46 km punt op die Dealsville pad. Mnr. Walker sal uitgaan om die verskillende stasies te merk.

Mnr. Walker het daarna 'n praatjie gelewer insake die doel van okkultasies, reëlings wat getref moet word, tydseine, waarneming asook die opneem van inligting op band en die korrekte uitwerk van resultate.

#### **October 11th, 1973, Residence of Mr. J. Rhodes, at 8pm.**

Occultation of the 4th October and 18 - 19 November 1973: The occultation of the 4th October was discussed and all present agreed that it was an excellent occultation due to the perfect weather conditions and the fact that it was a very bright star and a occultation on the dark limb of the moon. The reception of the ZUO time signal was also very good. The chairman expressed his thanks on behalf of the centre to Mr. Walker for the work done on the marking of the different observation posts as well as clearing the grass at the posts. He said that Mr. Walker is a zealous member and an asset to the centre. The profile of the occultation was thereafter plotted and it turned out to be very good. Mr. Walker further advised of a occultation on the 18 - 19th November at 24 hrs 23 min universal time. The moon will be 31% lit and the star a magnitude 5.4. The grazing line will pass 13 miles from Bloemfontein.

Special paper prepared by a member for discussion is volunteered by Mr. Linde and Rhodes for the next meeting.

Use of observatory: As the telescopes in the observatory needs collimating, it was decided to do the necessary work on Saturday the 20th October.

#### **November 8ste, 1973, Huis van Mnr. G. N. Walker, Vilonelstraat 39, om 8nm.**

Met verwysing na die suksesvolle okkultasie van 4 Oktober is Mnr. Mahaffey en die personeel van sy kantoor bedank vir die beplanning van die verskillende observasie poste. Mnr. Walker verwittig dat hy die resultate van die okkultasie gestuur het aan Mnr. Herz met afskrifte aan MNASSA en Hurst Moneux in Engeland. Die okkultasie van die 19de November is daarna bespreek en dit blyk dat dit 'n okkultasie aan die ligte kant van die maan sal wees. Die ster is 'n 5,4 sterkte en die maan sal 31% verlig wees maar baie laag op die oostelike horison. Daar is besluit om die okkultasie aan te pak en die volgende spanne is gevorm:

- 1) Muller - Naser
- 2) De Leeuw - Prinsloo
- 3) Walker
- 4) Mahaffey

Die bymekaarkom plek sal die Golden Moon padkafee wees en die tyd 12.30 vm. Ten slotte stel Mnr. Walker voor dat al die lede se realisie tyd getoets word om die berekenings fout van elke lid vas te stel. Die doel hiervan is om meer okkultasie resultate te verkry. Dit kan gedurende Januarie by ons sterrewag gedoen word.

Praatjie gedoen deur ons lede: Mnr. Linde lees 'n paar bladsye uit die boek "The Evolution of Radio Astronomy" en 'n paar interessante feite word aan die lede oorgedra insake radio sterre en quasars. Dit blyk dat van die quasars wat ontdek was die verste sowat 3 000 000 000 ligjaar weg is. 'n Mens kan jouself moeilik so 'n geweldige afstand indink. Die voorsitter bedank Mnr. Linde vir die bespreking. Mnr. Rhodes of de Leeuw sal die volgende wees om 'n praatjie te lewer.

Gebruik van die sterrewag: Dit blyk dat die teleskope nou reggestel is en gereed is vir gebruik. Die voorsitter stel voor dat die lede 'n program aanpak om die veelbesproke komeet Kohoutek te bestudeer. Die komeet behoort gedurende Januarie net na sononder op die westelike horison sigbaar te wees. Geen definitiewe besluit is egter hieroor geneem nie.

**January 17th, 1974, Residence of Mr. D. P. de Leeuw, at 8pm.**

It was suggested that some of the centres meetings be held at the observatory. Then, after the conclusion of the meeting, members could do some observing of the stars through the telescopes. The chairman mentioned that the centre was in possession of a gaslight which would be suitable for use at such a meeting. Mr. Rhodes advised that he had met a member of the "Kultuurraad". He said that they were interested in the activities of the centre and that they would assist us in obtaining colour slides and films and perhaps give financial aid. A letter was received from MNASSA in which they requested that news of the activities of the centre be forwarded to them for publication. The secretary was requested to forward copies of the centre's news letter to MNASSA. There being nothing to discuss the meeting was handed to Mr. de Leeuw for an interesting talk on Spectra, as a paper for discussion.

**Februarie 14de, 1974, Huis van Mnr Muller, om 8nm.**

Met verwysings na vorige besprekings is besluit om die volgende vergadering op 14 April by die sterrewag te hou. 'n Braaivleis is voorgestel.

Mnr. Rhodes verwittig dat die Kultuurraad 'n aantal films beskikbaar gestel het vir vertoning. Hulle het ook die Oudetorium van die Nasionale Museum in die hande gekry vir 'n aand vir die vertoning van hierdie films. Daar is besluit om die films op die volgende vergadering op Donderdag 1 Maart 1974 te vertoon. Die publiek sal ook uitgenooi word. Mnr. Rhodes sal sy teleskoop vir 'n uitstalling om belangstellendes te wys hoe 'n goeie teleskoop lyk beskikbaar stel.

Mnr. Rhodes bied aan om van sy vriende by "The Friend" te kontak vir die advertering van bg. vertoning. Die Volksblad moet ook genader word.

Skrifwes is weereens vanaf Kaapstad ontvang in sake die Forbes opstel wedstryd en die voorsitter versoek die sekretaris om 'n afskrif hiervan aan skoolhoofde van elke skool in Bloemfontein stuur.

Mnr. Muller lewer hierna 'n baie interessante praatjie oor komete waarna hy hartlik bedank is.

**March 12th, 1974, Auditorium of the National Museum Bloemfontein, at 8pm.**

It was decided that our next meeting will be held at the observatory with a braai and afterwards observations through the telescopes.

A special word of thanks was extended to the Kultuurraad who obtained the films and auditorium for the evening as well as the press and radio for advertising the film show.

The meeting was thereafter concluded for some very interesting films with the following subjects: Measuring the Universe, Exploring the Universe, Meteors and Comets, Space Science and Planets, Apollo 11. It was a very successful evening and it was estimated that about 200 people had attended the filmshow.

**April 11de, 1974, Woning van Mnr. G. N. Walker, Vilonelstraat 39, om 8nm.**

Die beplande braaivleis wat gehou sou word by die sterrewag was in die wiede gery deur reën weer en daar is dus besluit om 'n braaivleis later in die jaar te hou sodra die weer warmer is.

Die voorsitter stel voor dat 'n sikulêre opgestel word vir die uitreiking van alle skole in Bloemfontein om ons Vereniging aan hulle bekend te stel en aan te bied om sterreaande vir leerlinge aan te bied.

Die voorsitter versoek die sekretaris om briewe van waardering te rig aan die volgende instansies na aanleiding van ons suksesvolle filmvertoning in die Ouditorium van die Nasionale Museum:

Mnr. du Plessis van die Departement van Kultuursake.

Die Direkteur van die Nasionale Museum.

Mnr. van Ryneveldt van die Redaksie van die Volksblad.

Die SAUK

Mnr. Muller meld voorts dat die Departement van Kultuursake bereid is om die lopende koste van die vereniging te help dra soos tikwerk, afrolwerk ens. Mnr. Walker stel voor dat die vereniging boeke aankoop en dit aan die biblioteek skenk, waar dit dan deur die lede uitgeneem kan word. So hou die biblioteek dan die verantwoordelikheid vir die hou van die boeke. Hy sê dat hy Mev. Harris van die biblioteek hieroor sal nader. Verder word voorgestel dat ons minstens 4 keer 'n jaar film vertonings moet hou. Mnr. Rhodes sal Mnr. du Plessis hieroor moet nader.

'n Brief is van Kaapstad ontvang waarin genoem word dat hulle teleskope kan uitleen aan verenigings wat dit kan gebruik. Aangesien ons nie daarin belang stel nie sal die voorsitter hierop antwoord. 'n Brief is ook vanaf Oos Duitsland ontvang waarin navraag gedoen word na die aktiwiteite van die SA verenigings. Die voorsitter versoek die sekretaris om die brief na Kaapstad te verwys asook 'n erkenning van ontvangs aan die afsender te stuur.

Mnr. Prinsloo speel daarna 'n praatjie wat op band opgeneem is aan ons voor oor die baie interessante tema: Sonvlekke.

**May 16th, 1974, Residence of Mr. P. Erasmus, at 8pm.**

Mr. Muller suggested a program being followed in connection with the studying of double stars, variable stars as well as solar observations. Mr. de Leeuw was requested to make a projection screen for solar observations.

Mr. de Leeuw advised that the "KJV" of Bainsvlei consisting of 20 members were interested in the activities of our centre as well as visiting our observatory. The chairman asked him to advise them that they must contact him when it is convenient for them to go to the observatory.

Mr. Rhodes advised that the Department of Cultural Affairs finally decided that they would aid us in obtaining our own library. It was decided that the books be kept in the offices of the department. Mr. Rhodes said that he will contact Mr. du Plessis in connection with more films. The secretary was requested to advise ASSA headquarters in connection with the aid rendered by the Dept. of Cultural affairs.

Mr. de Leeuw advised that he received an invitation from UNISA, Pretoria inviting members to visit their observatory when going to Pretoria.

A special word of thanks was extended to Mr. Erasmus who donated his 10 inch Casagrain and observatory to the club. The following members will investigate the movement of the observatory to Brandkop: Messrs. de Leeuw, Erasmus, Mahaffey.



**Julie 13de, 1974, Woning van mnr. G. J. J. Linde, om 8nm.**

Die voorsitter versoek die sekretaris om met mnr. Rhodes in aanraking te kom insake 'n film vertoning in Julie met ons Algemene Jaarvergadering.

Na aanleiding van die donasie van Mnr. Erasmus aan die vereniging in die form van 'n 10 duim Casegrain teleskoop en 'n sterrewag, verwittig mnr. de Leeuw dat hy en mnre. Erasmus en Mahaffey die moontlikheid van die verskuiwing van die sterrewag na Brandkop ondersoek het maar dit blyk onmoontlik te wees aangesien die gebou nie uit mekaar gehaal kan word nie. Die voorsitter stel dus voor dat die Casegrain verskuif word na ons sterrewag en dat die 9 3/8 duim teleskoop verkoop word vir R150 aan nie-lede en R100 aan lede.

Nulen Olivier lees daarna 'n interessante stuk voor oor meteoriete.

**Augustus 15de, Algemene Jaarvergadering, Woning van mnr. G. J. Muller, om 8nm.**

Die volgende lede is tot die vereniging herkies:

Voorsitter: Mnr. G. J. Muller

Ondervoorsitter: Mnr. J. Rhodes

Ere sekretaris/penningmeester: Mnr. F. Naser

Komiteelede: G. N. Walker en D. P. de Leeuw.

Bankbalans: R59,00.

Die voorsitter se verslag:

'n Kort maar prikkelende verslag word daarna deur die voorsitter mnr. Walker gelewer waarin hy noem dat die belangstelling van die lede in die vergaderings goed is maar die gebruik van die sterrewag word nog steeds agterweë gelaat. Die vereniging se pogings om nuwe lede te trek is sterk ondersteun deur die Dept. van Kultuursake wat films beskikbaar gestel het vir vertoning aan lede van die publiek. Die reaksie was egter sover maar teleurstellend.

As gevolg van die bekwame leiding van Mnr. Walker is okkultasies geesdriftig deur lede aangepak. Daar was egter slegs een suksesvolle okkultasie terwyl die res wat aangepak is deur slegte weer in die wiele gery is.

Verder het die Dept. van Kultuursake hulle bereid verklaar om 'n biblioteek vir die lede in hulle kantoor te hou.

Mnr. Muller verwittig ook dat hy 'n slypmasjien wat deur Mnr. Erasmus aan hom geskenk het gemodifiseer het en lede wat lus is om spieëls te slyp is welkom om die masjien te gebruik.

Daarna het hy die bestuurslede bedank vir hulle ondersteuning die afgelope jaar.

**September 12th, 1974, Residence of Mr. D. P. de Leeuw, at 8pm.**

Mr. de Leeuw demonstrated a solarscreen which was constructed by him as was requested on the meeting of the 16th May 1974. The solar screen should be used in conjunction with graph paper to enable one to plot the positions of the sunspots as the sun rotates on its axis. The chairman thanked Mr. de Leeuw for his effort.

The chairman requested the secretary to arrange for another film show in November. Mr. Walker advised that there will be two occultations in October that is on the 20th and 24th. Discussion was put off until the next meeting.

Talk by a member: The secretary read a paper on comet hunting in Southern Skies which was written by J. C. Bennet of Pretoria.

Discussion on installing the 10 inch Casegrain in the observatory was put off due to the absence of Mr. Erasmus. It was decided not to sell the 9 3/8 inch Newtonian until the Casegrain is ready to be installed. An offer to the amount of R1,50 was made by Mr. Prinsloo for the legs of a Theodolite which was originally donated to the centre. The offer was unanimously accepted. Mr. Walker advised the he had obtained information in connection with insuring our observatory and telescopes from "Prucendantal". It was however decided that the premium was too high. Mr. Walker said that he would contact other companies as well.

**Oktober 9de, 1974, Woning van Mnr. G. J. Muller, 35 Wilcocksweeg, om 8nm.**

Met verwysing na die vorige vergadering met betrekking tot die okkultasie van 20 Oktober word daar besluit om dit aan te pak. Die volgende spanne is saamgestel: Mnre. Walker, Rhodes, de Leeuw en GJ Muller, en N. Olivier. Daar word ooreengekom om mekaar te ontmoet om 1/2 8 anderkant die klawerbord op die pad na Dewetsdorp.

Mnr. Walker lees hierna 'n stuk voor met betrekking tot die doel van okkultasies.

**November 13th, 1974, Residence of Mr. Prinsloo, at 8pm.**

Mr. Walker reported that although the wind was strong and impeded with observations, results were obtained from observations of the occultation of the 20th October. He also advised that there would be another occultation the 19th November 1974, 23 miles from Bloemfontein on the Dewetsdorp road at 10/30pm. The star is 6.2 magnitude and the moon is 13 degrees above the horizon and 30% sunlit. The following members will attend the occultation: Mrsrs. Muller, Erasmus, de Leeuw, Prinsloo, Walker, Rhodes, Mahaffey.

After discussion of the removal of tube and mounting of the Casegrain Mr. Muller and Erasmus decided to fetch it from Mr. Erasmus's observatory. The final corrections of the 10 inch mirror will be done on Mr. Muller's polishing machine.

A copy of the minutes of the Council Meeting held on Tuesday 3 September was received but discussion in connection with a paragraph regarding the future of MNASSA was put off until the next meeting.

**1975**

**Januarie 8ste, 1975, Woonstel van Mnr. P. Erasmus, om 8nm.**

Met verwysing na die okkultasie van die 19de November blyk dit dat die koördinate wat aan Mnr. Walker verskaf was foutief was en slegs een span nl. Mnr. Erasmus het iets waargeneem. Die sekretaris is versoek om Mnr. Hers hiervan in

kennis te stel asook van die feit dat mnr. Walker in die hospitaal is vir behandeling en dat hierdie tak vir 'n lang ruk nie okkultasies sal aanpak nie.

Op voorstel van Mnr. Erasmus word ons volgende vergadering in Maart by die sterrewag gehou. Die voorsitter versoek mnr. Erasmus om 'n program vir die aand op te stel.

'n Skrywe is van mnr. M. D. Overbeek ontvang waarin hy verwittig dat twee Amerikaners mnre. C. Scovil en C. Ford ons tak sal besoek en 'n praatjie sal lewer. Die voorsitter versoek die sekretaris om berigte in die koerante te plaas, asook die SAUK in kennis te stel. Lede van die publiek is welkom en die vergadering word by mnr. C. T. M. Wilcox gehou. Dit begin om 7nm en die voorsitter versoek die sekretaris om mnr. Overbeek dienooreenkomstig in kennis te stel.

'n Skrywe is van mnr. Block, lektor aan die Universiteit van Witwatersrand ontvang waarin hy verwittig dat hy Bloemfontein die 3de Februarie besoek en dat hy 'n praatjie sal lewer. Toevallig is dit so gereël dat daar 'n film vertoning gehou word die aand van die 3de en die praatjie sal dus met die vertoning saamval. Die sekretaris is versoek om mnr. Block dienooreenkomstig in kennis te stel.

#### **Maart 12de, 1975, G. A. Fichardt Sterrewag, om 8nm.**

'n Groot deel van die aand is spandeer aan algemene waarneming deur die teleskope en daarna is 'n vinnige vergadering in die sterrewag gehou. Daar is besluit om in die vervolg vergadering van half 8 tot half 9 te hou, en dan na die sterrewag te gaan. Om 'n begin te maak met 'n program word lede versoek om die konstelasies en die dierierem te bestudeer.

As gevolg van die besoek van die twee Amerikaners C. Scovil en C. Ford moet daar besluit word of die vereniging sy aandag sal bestee aan wisselsterre. Hierdie besluit word oorgelaat aan die volgende vergadering.

#### **April 9th, 1975, Residence of Mr. G. J. Muller, at 7.30nm.**

As it was slightly overcast it was decided not to go to the observatory.

Mr. Muller gave a very interesting talk on star co-ordinates and how to use setting circles.

#### **Mei 14de, 1975, Huis van Mnr. G. N. Walker, 39 Vilonelstraat, om 7.30nm.**

Mnr. Walker verwittig dat 'n okkultasie plaasvind op die 18de Junie om 22uur, 12min en 18sek. Dit is 'n dubbelster van 6.3 magn. en 5.8 magn. en die maan is 75% verlig. Hy sal die waarnemings poste afmerk en die lede sal weer deelneem.

Aangesien dit baie koud was is daar besluit om nie na die sterrewag te gaan nie.

Mnr. Walker verwittig dat die Rotariër beweging besluit het om 'n poging aan te wend om die Lamount Hussey sterrewag in 'n planetarium te verander. Van die regering en die munisipaliteit mag daar moontlik geldelike steun verkry word.

#### **Junie 11de, 1975, Woonstel van Mnr. Rhodes, om 7.30nm.**

Die voorsitter stel voor dat die tak 'n program moet hê en dat ons nie na die sterrewag toe gaan as ons nie weet wat ons gaan doen nie. Dit sal op 'n latere geleentheid bespreek word. Hy reken verder dat die klein sterrewag by Lamount Hussey seker teen 'n nominale koste van die Munisipaliteit verhuur kan word, en hy sal die Munisipaliteit hieroor nader.

Mnr. Rhodes verwittig dat oubaas Lincoln sy 3 1/2 duim wil weg maak aangesien hy te oud is om waarnemings te doen.

Mnr. Muller verwittig dat die slypmasjien voltooi is en dat die tak se 6 duim spieël nou geslyp kan word. Daar word besluit om nou slypklas te hou.

#### **Julie 9de, 1975, 17de Algemene Jaarvergadering, Huis van mnr. Wilcox, om 7.30nm.**

Aangesien die sterrewag en teleskope tot dusver nog nie benut is nie word die belangrikheid van die volg van 'n program van waarneming weereens beklemtoon deur die voorsitter. Daar word voorgestel dat lede die konstelasies in die dierierem moet leer om sodoende die geografie van die sterreheem te leer ken. Hy stel verder voor dat daar begin word met die bestudering van wisselsterre en dubbelsterre. Mnr. Muller verwittig dat hy soos altyd beskikbaar is vir die beplanning van okkultasies maar dat hy ongelukkig nie aktief kan deelneem aan ander waarnemings nie.

Mnr. Muller stel voor dat Mnr. Geary van die Planetarium uitgenooi moet word na Bloemfontein om 'n praatjie te lewer om sodoende propagande te maak onder die publiek vir die beoogde Planetarium. Dit kan so gereël word dat die praatjie saamval met 'n film vertoning. Die koste van die planetarium word om R150 000 beraam. Mnr. Muller verwittig dat hy telefonies in verbinding met die munisipaliteit was en dat die klein sterrewag op Naval Hill beskikbaar is vir die tak. Daar sal egter formeel aansoek gedoen moet word. Hy onderneem om die nodige in die verband te doen.

Op voorstel van Mnr. Wilcox word al die uitredende bestuurslede weer herkies:

Voorsitter: Mnr. G. J. Muller

Ondervoorsitter: Mnr. J. Rhodes

Komiteelede: G. N. Walker en D. P. de Leeuw

Sekretaris/Penningmeester: F. Nesor.

Hierna lewer die voorsitter sy jaarverslag gevolg deur die finansiële verslag deur die sekretaris.

#### **Augustus 13de, Woning van Mnr. Prinsloo, om 7:30 nm.**

Wat die tak se aansoek vir die huur van die Naval Hill Sterrewag betref verwittig die voorsitter dat die saak nog die munisipaliteit se aandag geniet.

Wat die bestudering van wisselsterre aanbetref stel Mnr. Muller voor dat lede 'n teleskoop leen vir die aangeleentheid. Verder word voorgestel dat 'n slypklas op Vrydag 22 Augustus 1976 van 8 tot 9 nm gehou word.

#### **September 10de, 1975, Woning van Mnr. G. J. Muller, 35 Wilcoxweg, om 7:30 nm.**

Mnr. Walker verwittig dat daar 'n okkultasie op Vrydag 10/10/75 sowat 103 myl vanaf Bloemfontein plaasvind. Daar word besluit om dit nie aan te pak nie aangesien dit te ver is. Dit blyk ook dat Mnr. Walker geen verdere inligting oor okkultasies vir die afsienbare toekoms het nie.

Die voorsitter verwittig dat die munisipaliteit ingewillig het om die klein sterrewag aan die tak beskikbaar te stel teen R24,00 per jaar. Die tak sal egter self slotte moet verskaf. Mnr. de Leeuw sê dat hy 'n slot met twee sleutels aan die tak beskikbaar kan stel. Mnr. Muller sal die munisipaliteit nader omdat die huur te hoog is.

Daar word besluit om 'n wisselster groep te stig onder beheer van Mnr. Groenewald en Labuschagne. Die 6 duim teleskoop word aan hulle beskikbaar gestel. Mnr. Walker stel voor dat wisselsterre bestudeer moet word en dat gereelde waarnemings gedoen moet word.

Met betrekking tot die planetarium verwittig Mnr. Walker dat Mnr. Geary van die Planetarium eers die Rotariër beweging sal toespreek oor die moontlikhede van 'n Planetarium en wat dit alles behels. Daarna sal die tak reël vir 'n film aand om die Planetarium aan die publiek van Bloemfontein bekend te stel. Mnr. Walker noem dat Mnr. Geary en Prof. A. Bleisley 'n praatjie op genoemde aand moet lewer. Dit sal egter eers in volgende jaar plaasvind.

#### **Oktober 8ste, 1975, Woning van Mnr. C. T. Wilcox, om 7.30nm.**

Die voorsitter verwittig dat hy 'n skrywe aan die stadsraad gerig het waarin hy versoek dat die huurgeld vir die genoemde geboutjie verminder moet word. Hy versoek die sekretaris om intussen die R24,00 huur aan die munisipaliteit te betaal. Mnr. Rhodes versoek die sekretaris om 'n slot aan te koop vir die sterrewag se deur, hy sal die koste dra.

Mnr. Groenewald verwittig dat daar op die oomblik slegs in Pegasus Beta 'n wisselster is wat waargeneem kan word maar is moeilik om waar te neem aangesien dit groei van 'n 2.1 sterlite tot 3 sterlite ster. 'n Uitnodiging word tot lede gerig om die waarnemings by te woon. Die plek van die waarnemings is die huis van Mnr. J. Labuschagne, Rassestraat 11.

Wat die slypklasse aanbetref is die bywoning so swak dat die voorsitter voorstel dat lede hom enige dag van die week kan skakel indien hulle geïntereeserd is om weer te sien hoe die 6 duim spieël geslyp word.

'n Welkome donasie van die boek "Handbook for Telescope Making" deur N. E. Howard word deur Mnr. Rhodes aan die tak geskenk.

Die begeerte word weereens geopper dat die tak 'n besoek bring aan Boyden Sterrewag. Die voorsitter sal Prof. Jarret hieroor kontak.

#### **November 12de, 1975, Woning van Mnr. G. N. Walker, 39 Vilonelstraat, om 7.30nm.**

Geen antwoord is nog van die munisipaliteit ontvang i.v.m. die vermindering van die huurgeld van die Sterrewag nie.

Mnr. Walker verskaf daarna inligting van die volgende okkultasies: 24/01/75, afstand 79 myl, ster 7.7 sterlite. 55 myl, 6,3 sterlite. 18 April 6,9 sterlite 4/30 van maan 82% verlig. 'n Okkultasie sal aangepak word en bespreking word oorgelaat tot die volgende vergadering.

'n Groot aantal "Sky and Telescopes" is deur Mnr. Keuris aan die tak geskenk, asook 'n paar boeke. Die voorsitter versoek Mnr. Walker en Rhodes om inligting te bekom mbt binders vir die boeke.

## 1976

#### **Januarie 14de, 1976, Woning van Mnr. G. J. Muller, om 7.30nm.**

Die voorsitter verwittig dat 'n tjek vanaf die munisipaliteit ontvang is vir die bedrag van R22,00 ten opsigte van huurgeld wat terug ontvang is na aanleiding van vertoë wat deur die tak aan die munisipaliteit gerig is vir 'n gedeeltelike terug betaling. Die sekretaris word versoek om die geld te bank.

Daar word besluit om van die teleskope op Saterdag 16 Jan. 1976 na die Naval Hill sterrewag te verskuif. Mnr. Rhodes sal 'n kombi beskikbaar stel.

Mnr. Groenewald sê dat hy besig is met die waarneming van die wisselster Algol maar sy waarneming word bemoeilik deur reënweer. Mnr. Walker verwittig dat daar op 1 Sept 22 myl weg 'n okkultasie sal wees van 'n 6.9 sterkte ster. Die maan sal 57% verlig wees. Bespreking hiervan word voorlopig uitgestel.

Wat die maansverduistering betref verwittig Mnr. Walker dat die maan gesien kon word maar sterre was nie sigbaar nie as gevolg van wolke. Mnr. Rhodes sê dat daar nie binders beskikbaar is by die planetarium vir die "Sky and Telescopes" nie. Daar word besluit om self die binders te maak en die benodigdhede kan by "Arts and Crafts" en C. P. Van Zyl boekhandel verkry word.

Nuus is ontvang insake die oorlye van Mnr. C. T. M. Wilcox se seun en daar word 'n mosie van rou beklag voorgestel. Die sekretaris word versoek om die tak se medelewe aan Mnr. en Mev. Wilcox oor te dra. Verder verwittig Mnr. Rhodes dat Mnr. Lincoln die tak 'n goeie kyk jaar toegewens het.

Donasies in die vorm van 'n driepoot vir 'n teleskoop asook R5,00 word vanaf Mnr. Rhodes ontvang, waarvoor hy bedank word.

#### **Februarie 18de, 1976, Woonstel van Mnr. Prinsloo, om 7.30nm.**

Mnr. Rhodes sê dat die pad by Brandkop te nat was om die teleskope te verwyder van die sterrewag. Daar word besluit om die teleskope op Saterdag 22/02/76 te verskuif. Wat die wisselsterre betref stel mnr. Muller voor dat die ster serktes vergelyk moet word in die Norton ster atlas en dan met die blote oog na die sterre gekyk word en die sterktes te skat.

Mnr. Groenewald lewer daarna 'n interessante praatjie oor wisselsterre.

Mnr. Muller verwittig dat hy Prof. Jarret genader het vir 'n besoek aan die Boyden Sterrewag. Prof Jarret het egter gesê dat hy as gevolg van drukte van werk en reënweer nie die tak kan akkommodeer nie. Hy versoek die voorsitter om hom egter weer in April te nader.

Die begeerte word uitgespreek om weer 'n filmaand te hou. Mnr. Rhodes sê dat hy met Mnr. du Plessis van Nas. Opvoeding sal praat. Mnr. Rhodes sê dat hy die "Sky and Telescopes" baie goedkoop by 'n binder kan laat bind.

#### **Maart 10de, 1976, Woonstel van Mnr. Rhodes, om 7.30nm.**

Die voorsitter verwittig dat die teleskope verskuif is na Naval Hill maar die gebou sal moet skoon gemaak word. Hy verwittig dat die dak nie meer wil skuif nie en dat daar aandag aan geskenk moet word. Mnr. de Leeuw sê dat hy moontlik

daarna sal gaan kyk. Verder sê Mnr. Muller dat die deur van die gebou herstel moet word. Dit blyk dat die groot gebou moontlik oorgeneem gaan word deur die Univesiteit en dat krag weer installeer gaan word met die gevolg dat krag na die klein geboutjie aangelê sal word. Mnr. Wilcox bied aan om addisionele sleutels te laat maak van die hek en gebou sleutels. Dit word met dank aanvaar.

#### **Mei 12de, 1976, Woning van Mnr. G. N. Walker, om 7.30nm.**

Volgens Mnr. Walker sal daar op 31 Augustus 1976 'n okkultasie sowat 47 myl vanaf Bloemfontein is. Die ster is 'n 6.8 magn. Daar word besluit om die okkultasie aan te pak en besprekings daarvan sal in Augustus plaasvind.

Volgens Mnr. de Leeuw blyk dit dat die dak van die Naval Hill Sterrewag baie moeilik oopskuif, selfs vir twee persone. 'n Katrol stelsel sal aangebring moet word vir hierdie doel. Verder blyk dit dat die groot gebou aan Sukovs geskenk is en krag aangelê sal word. Verder verwittig Mnr. de Leeuw dat op die Brandkop Sterrewag alles nog in orde is. Die pad is egter oorgroei met gras.

Mnr. Muller het met Prof Jarret ooreengekom om op Dinsdag die 8ste Julie of Vrydag die 4de Junie 'n besoek na Boyden te reël. Die lede besluit op Dinsdag 8 Junie.

#### **Augustus 8ste, 1976, 18de Algemene Jaarvergadering, Woning van Mnr. C. T. M. Wilcox, om 7.30nm.**

Spruitend uit die verslag van die voorsitter insake die meer aktiewe gebruik van die Naval Hill sterrewag word voorgestel dat sterreaande gehou word waarby die skole en Oranje jeug betrek word. Daar sal dan 'n praatjie gehou word om hiermee saam te val. Mnr. Rhodes bied aan om die direkteure van SUKOVS te nader vir die gebruik van een van die kamers van die hoofgebou vir die doel.

Die uittredende voorsitter lewer hierna sy jaarverslag waarin hy dit duidelik stel dat die tak meer aktief kan wees. Daar is drie rigtings waarin lede hulself aktief in kan betrek nl. 1. waarnemings 2. tegniese en 3. teoreiese werk. Die eerste groep is verantwoordelik vir sterrekundige waarnemings en moet dus resultate in die verband lewer, die tweede groep is verantwoordelik vir die onderhoud van die tak se toerusting en die derde groep is die lede wat lief is om te lees, en sodoende hulle kennis kan uitbrei tot voordeel en gebruik van die tak.

Die sekretaris word versoek om die finansiële verslag te lewer, waarna oorgegaan is om die nuwe bestuurslede vir 1976/1977 te kies:

Voorsitter: Mnr. G. J. Muller

Ondervoorsitter: Mnr. G. N. Walker

Verteenwoordiger op die Raad: Mnr. J. Rhodes.

Komitee lede: Mnr P. G. Groenewald en D. P. de Leeuw.

Sekretaris/Tesouries: Mnr. F. C. Nesor.

#### **September 15de, 1976, Woning van Mnr. G. J. Muller, om 7.30nm.**

Die slot van die hek op Naval Hill is verwyder en die voorsitter stel voor dat 'n nuwe slot gekoop en aangesit moet word. Die sekretaris word versoek om vas te stel of daar 'n staande tarief vir elektrisiteit en hoeveel dit is. Daar word voorgestel dat 'n lys opgestel word van Bloemfontein skole vir 'n omsenbrief om 'n besoekers aand te reel vir die wat belangstel.

Mnr. Walker verwittig dat daar op 30/10/76 19 myl op die Dewetsdorp pad 'n okkultasie om 10/25 nm plaasvind. Die ster in 'n 6.8 sterkte ster en die maan 59% verlig. Daar word besluit om dit aan te pak, en dit sal op die volgende vergadering bespreek word.

Mnr. Viljoen, nuwe lid, bied aan om die halfvoltooide 6dm spieël te koop vir R10, wat aanvaar word.

#### **Oktober 13de, 1976, Woning van Mnr. D. P. de Leeuw, om 7.30nm.**

Mnr. Rhodes bied aan om 'n nuwe slot vir die hek van die Naval Hill Sterrewag te koop, en Mnr. Viljoen het gereël dat 'n kragpunt aan die hoofgebou voorsien sal word wat die tak kan gebruik.

Die okkultasie van 30 Oktober word bespreek en sal in spanne aangepak word. Daar word ooreengekom om 1 1/2 myl anderkant die klawerblaar op die Dewetsdorp pad te ontmoet en dat lede 8/30 nm daarvandaan sal vertrek.

#### **November 24ste, 1976, Woning van die sekretaris, om 7.30 nm.**

Die voorsitter verwittig dat hy 'n brief ontvang het van die stadsraad waarin ons verwittig word dat ons huur verval in Desember. Mnr. Muller het dan ook 'n brief geskryf waarin hy vra of die voorwaardes van die huur nog dieselfde is. Die sekretaris word versoek om die huur te betaal.

Die okkulasie van 30 Oktober is nie aangepak nie weens reënweer.

Mnr. Rhodes skenk 'n slot van R2,75, en word hartlik bedank.

**1977**

#### **Februarie 23ste, 1977, Naval Hill Sterrewag, 8nm.**

Die Voorsitter verwittig dat 'n brief van die Munisipaliteit ontvang is waarin die sterrewag gratis vir 12 maande aan die vereniging verhuur word. Mnr. Viljoen sê dat die elektriese kontrakteurs wat die hoofgebou moet herbedraad die klein geboutjie ook sal koppel. 'n Mosie van dank word aan Mnr. Viljoen goedgekeur. Daar is besluit om 'n grys pad na die gebou aan te lê agv modder na reën. Mnr. Labuschagne sal Mnr. Ross, stadsingeneur, vra vir grys. Mnr. Viljoen verwittig dat twee stukke "hard board" gratis deur Mulluns & Champion verskaf is vir die toemaak van die gat in die middel van die vloer. As 'n blyk van dank word voorgestel dat 'n mnr. Killian van die firma uitgenooi word wanneer die tak 'n sterreaand hou. Daar word voorgestel dat die slot nie vir die hek gebruik word nie aangesien SUKOVS se nagag die plek oppas. Volgens Mnr. Muller vind die volgende okkultasies plaas:

15 Maart 1977: 5/00 vm, die maan 15% verlig die ster 'n 7.8 sterkte en dus 17 myl uit op die Kaapse pad.

9 Mei 1977: Die maan 62% verlig, 6 myl vanaf Bloemfontein en die tyd 3/00 vm.

22 Julie 1977: 38 myl vanaf Bloemfontein. Daar word besluit om hierdie okkultasie aan te pak. Lede sal 1/2 8 by die Eifel toring op die Reddersburg bymekaar kom. Verdere bespreking sal op die volgende vergadering gehou word. Dit blyk dat Mnr. Viljoen 'n apparaat ontwikkel het wat gebruik kan word om 'n hoë noot te produseer om sodoende alle skreeuery by okkultasies uit te skakel en onakkuraadheid as gevolg van vertraagde reaksie te verminder. Mnr. Muller versoek dat vier aparate vir die tak gemaak moet word.

#### **Maart 16de, 1977, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm.**

Mnr. Labuschagne rapporteer dat die munisipaliteit nie die gruis vir die pad kan skenk nie, so daar moet nou gewag word of SUKOVs iets hieraan sal doen. Daar is ook besluit om omsenbriewe aan die skole te stuur i.v.m. die hou van sterreaande. Mnre. Muller en Viljoen sal die nodige doen. Verversings sal voorsien word.

Vir die okkultasie van 15 Maart was die spanne te laat, so daar kon net 'n gedeelte waargeneem word. Mnr. Walker verwittig dat daar op 22/07/1977, 38 myl uit op die Bultfontein 'n okkultasie plaasvind. Die tyd is 6/22 nm, die ster 'n 7.2 sterkte en die maan 38% verlig. Dit sal op die volgende vergadering bespreek word.

#### **April 28ste, 1977, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm.**

Die sekretaris word versoek om 'n brief aan die stadsraad te rig om diefwering aan die gebou te installeer. Daar is ook besluit om bestuursvergaderings te hou voor hoof vergaderings sodat daar besluit sal word oor wat gedoen sal word. 'n Vasvra sal op die volgende vergadering gehou word met Patrick Moore se "Astronomers Quiz Book" as basis.

Wat die sonsverduistering aanbetref verwittig mnr. Viljoen dat hy waarnemings gedoen het met sy teleskoop. Die verduistering het om 10/19 vm begin en hy het verskeie sonvlekke waargeneem. Ander lede het ook die verduistering waargeneem.

#### **Mei 18de, 1977, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm,**

'n Pak met briewe gerig aan alle skole in Bloemfontein is aan die sekretaris oorhandig met die versoek dat dit gepos word. Die briewe gaan oor die hou van sterreaande vir belangstellende skole.

Mnr. Walker verwittig dat daar op 12 Julie 1977 'n okkultasie plaasvind van Venus en die maan sowat 1graad noord van die maan. Verder sê hy dat hy 'n stel ontwikkel om gewone okkultasies waar te neem om presies vas te stel hoe laat die ster agter die maan uitkom en presies waar. Mnr. Muller vra hom om 'n artikel hieroor in die MNASSA te skryf waarop hy instem.

Die sterrevasvra vind hierna plaas met twee spanne nl. Mnre. Muller en Prinsloo aan die een kant en Walker, Wilcox en myself aan die ander kant. Dit is baie geniet en daar sal weer een met die volgende vergadering gehou word.

#### **Junie 15de, 1977, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm.**

Insake die okkultasie van 22/07/1977 versoek Mnr. Walker die sekretaris om 'n week voor die tyd vas te stel watter lede bereid is om te gaan sodat daar nie onnodige moeite gedoen word met die bepaling van waarnemings stasies nie. Daar moet agter drie spanne wees om die waarnemings die moeite werd te maak.

Daarna word oorgegaan tot die vasvra.

#### **Julie die 20ste, 16de Algemene Jaarvergadering, Woning van Mnr. C.T.M. Wilcox, om 7.30nm,**

Die volgende lede is verkies as bestuurslede:

Voorsitter: Mnr. G. N. Walker

Ondervoorsitter: Mnr. B. D. Viljoen

Ere Sekretaris/Penningmeester: Mnr. F. C. Neser

Komiteelid: Mnr. D. P. de Leeuw

Verteenwoordiger op die raad: Mnr. G. N. Walker

Die balans van die spaarrekening is R1 14,96 krediet.

By die afwesigheid van die uitredende voorsitter word sy verslag voorgelees.

Mnr. Viljoen stel voor dat die tak baie meer praktiese werk moet aanpak en 'n program moet opstel vir die doel.

Mnr. Walker verwittig dat daar op 22 Julie 1977 om 8/22 nm 'n okkultasie plaasvind wat die tal sal aanpak.

#### **Augustus 17de, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm.**

Mnr. Walker verwittig dat die okkultasie van 22 Julie 1977 nie 'n sukses was nie as gevolg van die maan wat te helder was om die ster te sien, Mnr. de Leeuw se radio wat nie die tydsein kon optel nie en die teleskoop wat nie behoorlik funksioneer het nie. Mnr. Walker het egter 'n flits gesien en die resultate aan mnr. Herz gestuur. Daar word versoek om filters uit te toets om die helderheid van die maan te verdof om sodoende bg. probleme uit te skakel.

'n Skrywe is van Green Hill Convent ontvang waarin twee alternatiewe datums gegee word vir die hou van 'n sterre aand. Mnr. Viljoen word versoek om 'n program vir die aand uit te werk. Die voorsitter sal Green Hill in die verband skakel.

Die vergadering word daarna verdaag vir waarneming deur die teleskope na aanleiding van 'n program wat deur Mnr. Viljoen uitgewerk is. Daar is na verskeie Messier voorwerpe gekyk wat weereens die lede teenwoordig se sienings oor die heelal verbreed het.

#### **September 21ste, 1977, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm.**

Mnr. Walker verwittig dat Green Hill Convent graag op die 14/10/1977 die sterrewag wil besoek. Daar word voorgestel dat daar vooraf 'n praatjie gehou moet word waarna dubbel sterre en "golbal clusters" aan hulle gewys moet word. Daar word gevoel dat die 21/10/1977 'n beter aand sal wees aangesien die maan dan sigbaar sal wees. Mnr. Walker sal Green Hill kontak.

Mnr. Rhodes maak bekend dat hy Bloemfontein vergoed gaan verlaat. Die tak neem met spyt kennis hiervan aangesien Mnr. Rhodes 'n aanwys vir die tak was. Die voorsitter doen ook die nodige dankbetuiging aan Mnr. Rhodes. Mnr.

Rhodes skenk s 4 1/4 duim refraktor aan die tak. Die teleskoop moet die LINRHO teleskoop genoem word. Dit het oogstukke en 'n spektroskoop as bykomstighede.

'n Aanbod word aanvaar van Mnr. Walker vir die 4 stoele van die tak teen 2 rand 'n stoel.

Die vergadering word hierna verdaag vir 'n praatjie deur Mnr. Walker oor okkultasies.

#### **November 16de, 1977, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm.**

Na aanleiding van die sterreaand wat gehou is vir Green Hill Convent is 'n brief van waardering ontvang van die skool.

'n Bedrag van R8 is ontvang vanaf Mnr. Walker vir die stoele van die tak wat al die jare by hom gestaan het. Toestemming word aan Mnr. Viljoen verleen om 'n sterreaand vir sy kerk se jeugvereniging te hou.

Die vergadering word verdaag vir observasies deur die teleskoop wat deur Mnr. Rhodes geskenk is.

## 1978

#### **Januarie 18de, 1978, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm.**

Weens die swak reaksie van die skole word daar gevoel dat briewe weer gepos moet word met die oog op die hou van 'n sterreaand.

Die voorsitter verwittig dat die volgende "grazing" okkultasies plaasvind. April 13, 43 myl vanaf Bloemfontein, die maan 32% verlig, die ster 7.5 sterkte, 7/36 nm. 3 Mei, 4 myl vanaf Bloemfontein die maan 17% verlig. Op Woensdag 15 Februarie 1978 met die aand van die vergadering sal daar 'n gewone okkultasie wees. Daar is besluit om dit aan te pak. Mnr. Walker sal 'n praatjie vooraf gee.

Mnr. de Leeuw lewer hierna 'n interessante praatjie oor Jupiter en die sonnestelsel.

'n Founderscope vir die refractor word deur Mnr. Viljoen geskenk.

#### **Februarie 15de, 1978, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm.**

Mnr. Viljoen berig dat hy 'n kerkgroep van tussen 45 en 50 mense by die sterrewag gehad het en die mense het dit geweldig geniet. Daar is van 'n refractor en reflektor gebruik gemaak. 'n Woord van dank word aan Mnr. Viljoen gerig en almal is dit eens dat Mnr. Viljoen die belange van die tak op die hart dra.

Die sekretaris berig dat 14 handboeke ontvang is vanaf die moedertak met geen nota daarby nie. Mnr. Walker stel voor dat die boeke onmiddellik aan die lede uitgedeel word. Die sekretaris sal dit met die volgende vergadering saam bring. Die vergadering word hierna verdaag vir 'n okkultasie wat waargeneem word deur Mnr. Viljoen en Walker.

#### **Maart 22ste, 1978, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm.**

Mnr. Walker verwittig dat die okkultasie van 15 Februarie misluk het as gevolg van die feit dat die ster 5 min. vroeër agter die maan uitgekom het as wat hy uitgewerk het, met die gevolg dat hy die verskyning nie waargeneem het nie. Dit is die tweede keer dat dit gebeur het. Hy het egter 'n metode uitgewerk wat nou redelik akkuraat behoort te wees. Hy sal dit met die okkultasie van die 26ste uittoets. Wat die grazing okkultasie van 3 Mei 1978 betref is nog geen inligting van Mnr. Hertz ontvang nie.

Die sekretaris is aangesê om 5 liter PVA verf te koop en skuurpapier sodat ons die gebou kan verf.

#### **April 19de, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm.**

Mnr. Walker verwittig dat daar op die 3de Mei 'n okkultasie plaasvind sowat 4 myl vanaf Bloemfontein op die Dewetsdorp. Die okkultasie vind om 4 vm plaas, die ster is 'n 8.1 sterkte en die maan is 17% verlig. Die hoogte is omtrent 12 grade bokant die horison. Geen inligting is egter van Mnr. Hertz hieromtrent ontvang nie.

Daar word besluit om die gebou op Saterdag die 22ste April te verf. Vrywilligers moet hulle na 2/00 nm. aanmeld.

Mnr. Walker verwittig dat 'n sterreaand op 10 Mei 1978 om 7/30 nm. vir St. Michaels skool gehou sal word. Die skool sal in kennis gestel word. Mnr. Viljoen lewer hierna 'n interessante praatjie oor die regte manier van waarneem en waarvoor gekyk moet word.

#### **Mei 17de, 1978, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm,**

Die voorsitter verwittig dat die volgende okkultasies plaasvind:

24 Mei 1978, 9/00 nm, die ster 6 sterkte.

26 Mei 1978, 9/00 nm, die ster 5.4 sterkte.

12 Junie 1978, 18/00 nm, die ster 5.2 sterkte.

Lede wat wil kan hierdie okkultasies waarneem.

Mnr. Muller laat weet dat hy van iemand weet wat die gebou sal verf teen R2,50 per dag. Hy sal op die volgende vergadering rapporteer. Hy sê verder dat die Sterreaand wat vir St. Michaels skool gehou was 'n sukses was. 'n Versoek is aan die tak gerig dat nog 'n groep van die skool die sterrewag mag besoek. Hy sal die nodige reëlings tref.

#### **Junie 21ste, 1978, Woning van Mnr. B. D. Viljoen, om 7.30nm.**

Mnr. Walker verwittig dat daar op 16 Julie om 22/30 'n okkultasie van 'n 4.4 sterlite ster is, en dat hy gesukkel het met die okkultasie van 12/06/1978 as gevolg van 'n geen tydsein.

Mnr. Muller reken dat die deur van die sterrewag versterk en geverf sal moet word. Die tak skuld vir Mnre. Muller en Walker saam R3,50 vir die afskuur van die gebou. Mnre. Zöhler en Viljoen sal die gebou verf.

Verder verwittig Mnr. Viljoen dat hy 'n baie belangriker besoeker nl. dr. de Groot, direkteur van die Armagh Sterrewag in Noord Ierland by hom gehad het. Hy is hier om die Baker Schmidt teleskoop vanaf Boyden Sterrewag na Ierland te verwyder.

Die vergadering is verdaag vir 'n besoek aan Mnr. Viljoen se private sterrewag. Sy sterrewag is net weer 'n voorbeeld van wat 'n amateur sterrekundige kan vermag. Een en almal was beïndruk daarmee.

**Julie 24ste, 1978, 17de Algemene Jaarvergadering, Woning van Mnr. C. T. M. Wilcox, om 7.30nm.**

Die volgende lede is herkies as bestuurslede:

Voorsitter: Mnr. G. N. Walker

Ondervoorsitter: Mnr. B. D. Viljoen

Ere Sekretaris/Penningmeester: F. C. Nesor

Voorsitters verslag: Die uittredende voorsitter verwittig die jaar 1977/1978 ingelui was met dieselfde hoë verwagtinge as die vorige jare maar ongelukkig is daar nie aan die hoëverwagtings voldoen nie. Die bywoning van die vergaderings was redelik goed met 'n gemiddeld van 5 mense. Wat aktiwiteite betref is 'n paar okkultasies aangepak met redelike sukses. Twee skool bywonings aande was gehou met groot sukses en die prinsipale het versoek vir nog sulke aande.

**Augustus 31ste, 1978, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm,**

Mnr. Walker verwittig dat mmet die okkultasie van 9 Augustus 1978 hy 'n verdwyning en 'n verskyning van die ster gesien het maar die maan was te laag. Met die okkultasie van 17/08/1978 het hy geen tydsein opgevang nie. Op 10 September en 8 Oktober sal daar gewone okkultasies plaasvind.

Mnr. Walker lees hierna 'n interessante artikel oor ruimte kolonisasie.

**September 29ste, 1978, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm.**

Mnr. Walker verwittig dat daar op 26 Oktober 'n grazing okkultasie plaasvind. Die okkultasie vind om 3/30 vm, 45 myl vanaf Bloemfontein, suid van Reddersburg plaas. Dit is 'n 6 sterlite ster. Daar is nog nie 'n profiel ontvang nie maar hy sal mnr. Hertz nader. Op 6 Oktober is daar 'n gewone okkultasie.

Mnr. Zöhler sê dat hy met die biblioteek in verbinding was en dat hulle belang stel in 'n astronomie uitstalling, veral as daar teleskope en kleurprente van newels betrokke is. Daar word voorgestel dat Sky and Telescope hiervoor gebruik gaan word. Mnr. Walker sal Mnr. Geary bel vir illustrasies.

Mnr. Prinsloo sal probeer om films te kry van die Britse Ambassade vir 'n film vertoning in die oudetorium van die museum.

Die sekretaris is versoek om die sekerreraris van die hoofliggaam te nader vir 'n afskrif van die konstitusie en ivm ledegeld vir skoliere. Dit blyk ook dat die maansverduistering nie in die jaarblad genoem is nie. Daar was algemene verbasing daaroor.

Die toekoms van die teleskoop en gebou op Brandkop word bespreek. Daar word voorgestel dat dit verkoop moet word maar daar is nog nie finaal besluit oor die prys nie. Mnr. Zöhler bied R10 aan vir die katrol wat deur Mnr. Rhodes aan die tak geskenk is, en die aanbod word aanvaar.

**Oktober 26ste, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm.**

Die okkultasie van 26 Oktober was 'n redlike sukses. Dit was baie koud en 'n sterk wind het gewaai. Mnr Walker sal die resultate verwerk en aan stuur.

Wat die uitstalling in die biblioteek betref sê Mnr. Walker dat hy drie prente vanaf die Planetarium bestel het teen R3,50 elk, nl. Saturnus, Mars en die Andromeda newel. Daar word voorgestel dat die prente agter 1/10 duim perspex met 'n houtraam uitgestel word.

Mnr. Walker vertel van 'n uitkyk platvorm in sy agterplaas wat hy graag met 'n vergadering wil inwy. Hy vertel ook dat hy inligting ontvang het van die okkultasie van 'n ster deur 'n kleiner planeet. Daar word voorgestel dat die tak hierna moet kyk, verkieslik by die sterrewag.

## 1979

**Januarie 25ste, 1979, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm.**

'n Skrywe is aan Mnr. Hertz gerig aangaande die okkultasie van 26/10/1978. Die lesings het nie heeltemal koördineer met die voorspelde lesings nie. Mnr. Hertz het laat weet dat hy die lesings aanvaar het. Mnr. Walker verwittig dat hy 'n kleiner planeet waargeneem het. Hy sê ook dat die volgende "grazing" okkultasies plaasvind. Op 5/2/1979 om 17h35 uur, sewe myl uit op die Soutpan pad. Die ster is 'n 7.8 magn. Almal wat deelneem sal by die Veld Bioskoop by mekaar kom. Verder okklutasies: 22/2/1979: 4.h03, 9 myl op Brandfortpad, 8.2 magn. 23/2/1979, 3h30, 12 myl uit. 16/02/1979 - 12/00nm. 06/02/1979 - 8-9nm. In Oktober vind daar 'n okkultasie van die maan deur Saturnus plaas.

Mnr. Walker verwittig verder dat 'n brief van Mnr. Clife Turk van Kaapstad ontvang is aangaande finansiële probleme wat ondervind word met die publisering van die handboek en MNASSA. Daar word gevoel dat die prys nie meer verhoog kan word nie aangesien vorige verhogings alreeds bedankings tot gevolg gehad het. Daar word voorgestel dat 'n trust vir die doel gehou word waarvoor lede 'n vrywillige bydrae moet lewer. Mnr. Muller stel agter voor dat lede wat werklik geïntreseerd is om "Sky and Telescope" te ontvang, moet dit deur die hoofvereniging koop, wat tot gevolg sal hê dat ledegeld aansienlik sal daal. Mnr. Walker sal 'n skrywe in die verband aan Mnr. Turk rig.

Mnr. Zölner sê dat die uitstalling in die biblioteek in Februarie of Maart plaasvind.

**Maart 22ste, 1979, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm.**

Mnr. Walker berig dat daar op 24 Maart 'n okkultasie plaasvind 50 Km op die Edenburg om 3.38vm. Almal wat deelneem moet 1/30 voor die skougronde bymekaar kom.

Mnr. Walker berig dat 'n skrywe van Mnr. Clive Turk ontvang is waarin hy noem dat Mnr. Walker se voorstel met betrekking tot lidmaatskap en "Sky and Telescope" bespreek is op die raadsvergadering van 5/2/1979. Die vrees is uitgespreek dat die afskaffing van Sky and Telescope nog lede sal bedank. Die aangeleentheid word verder bespreek.

Mnr. Zölner berig dat Mnr. Van Der Walt, Hoofbiblioteekkaris verwittig het dat hy oor 'n maand sal kan sê wanneer die tak 'n uitstalling in die biblioteek kan hou.

### **Mei 5de, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm.**

Mnr. Walker verwittig dat Mnr. Hertz bedank het en dat hy verplig was om by die "Occultation Association of America" aan te sluit ten einde nog die okkultasie berekenings te ontvang. Hy sê dat hy 'n gewone okkultasie tot op die minuut kan opstel en dat hy 'n artikel in die verband sal opstel vir MNASSA.

'n Versoek van Mnr. M. G. Robinsen van Kimberley om meer uit te vind oor sterrekunde en teleskoopbou word deur Mnr. Viljoen beantwoord. Mnr. Viljoen sal 'n praatjie by die sterrewag hou vir sy kerk mense. Mnr. Lathen sal een 6 duim teleskoop leen.

### **Julie 26ste, 1979, 18de Algemene Jaarvergadering, Woning van Mnr. CTM Wilcox, om 7.30nm.**

Die volgende lede is herkies as bestuurslede:

Voorsitter: Mnr. G. N. Walker.

Ondervoorsitter: Mnr. B. D. Viljoen

Ere Sekretaris/Penningmeester: Mnr. F. C. Neser

Die uittredende voorsitter verwittig dat daar geringe toename in die aktiwiteite van die tak was die afgelope jaar. Vyf totale okkultasies is deur die jaar aangepak en vyf gewone okkultasies met weinig sukses, wat toegeskryf kan word aan swak weer. Twee suksesvolle steraande is gehou met 'n totale bywoning van 40 persone. Daar is ook ooreengekom met die direkteur van die biblioteek dat 'n sterrekundige uitstalling gehou word in die voorportaal van die biblioteek. Onderhandelinge is die verband is nog aan die gang.

### **Augustus 22ste, 1979, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm.**

Die voorsitter verwittig dat hy sy sisteem om die verskyning van 'n ster te bepaal vervolmaak het en dit werk baie goed. Hy het alreeds 'n artikel voorberei vir MNASSA en sal op die volgende vergadering die sisteem volledig verduidelik.

Mnr. Zölner verwittig dat hy op Brandkop was en die gebou en teleskoop ondersoek het. Die gebou is in 'n goeie toestand maar die spieël van die teleskoop was eger los. Hy stel belang om die gebou en die teleskoop te koop maar het nie die geld beskikbaar nie. Hy sal op die volgende vergadering definitief kan sê.

'n Skrywe is van die Munisipaliteit ontvang ivm die verhuuring van die sterrewag. Die sekretaris het heraansoek gedoen maar geen antwoord is nog ontvang nie.

Die voorsitter stel hierna voor dat die lede elke 2de maand 'n praatjie voorberei. Hy lees hierna 'n baie interessante artikel oor Jupiter se mane wat in die koerant verskyn het.

### **September 22ste, 1979, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm.**

Aangesien daar niks was om te bespreek nie het Mnr. Walker onmiddelik begin om sy sisteem om die akkurate verskyning van 'n ster na 'n gewone okkultasie te bepaal, te bespreek. Alhoewel dit baie interessant is is daar heelwat ingewikkelde berekeninge wat gedoen moet word.

### **Oktober 25ste, 1979, Naval Hill Sterrewag, om 7.30nm.**

Die voorsitter verwittig dat daar okkultasies op die 3de Oktober en 15 Oktober was maar dit was bederf deur bewolkte weer. Daar sal op die volgende datums okkultasies wees, 25 Oktober 'n 7,5 sterkte ster, 27 Oktober 7,1, 30 Oktober 6.4. Op 13 November is daar 'n Okkultasie met Jupiter. Op 27 November 'n 5.7 sterkte ster.

'n Brief is van Natal tak ontvang ivm met 'n "Izakanyensi". Nie een van ons lede sal dit bywoon nie. Mnr. Walker sal antwoord. Daar is besluit om in die vervolg vergaderings om 8nm. te hou sodat Mnr. Prinsloo dit kan bywoon

### **Desember 7de, 1979, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Mnr. Walker verwittig dat hy Jupiter se okkultasie waargeneem het in daglig op 13 November 1979. Hierna is die vergadering verdaag vir waarneming deur die refractor teleskoop.

## **1980**

### **Januarie 31ste, 1980, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Dank word teenoor Mnr. Viljoen uitgespreek vir die kleurfoto's wat hy in die sterrewag opgeplak het. Hy lees verder 'n baie interessante artikel oor die reis van Voyager I na Jupiter voor.

Mnr. Erasmus vertel daarna aan die vergadering hoe hy sy 6 duim skiefspiegler gemaak het. Hy nooi alle lede om die volgende vergadering, indien die weer dit toelaat, by hom te hou. Sy adres is Jodeph Orpen straat 3, Wilgehof.

### **Februarie 28ste, 1980, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Die voorsitter verwittig dat daar op 9 Maart 1980 'n okkultasie om 4/20 vm plaasvind. Die ster is 'n 4.4 sterkte. Die tak sal hierdie een aanpak. Op 29/02/1980 vind 'n okkultasie van Regulug plaas.

Die voorsitter verwiittig dat die Boy Scouts geïntreseerd is in 'n sterreaand. Daar word besluit dat so 'n aand sal saamval met 'n vergadering in April. Verder word voorgestel dat vergaderings elke Donderdag sal plaasvind. Weens die feit dat Mnr. Erasmus op verlof is word daar besluit om die volgende vergadering by hom te hou.

### **Maart 27ste, 1980, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Mnr. Walker verwittig dat die okkultasie van 9 Maart 1980 suksesvol was. Die volgende okkultasies vind plaas: 5 Mei om 23h20, 3 myl uit die stad. 10 Mei, 4 myl uit die stad. 5 Junie, 7 myl uit die stad. Verder sê hy dat 'n sterreaand op 17 April 1980 vir die Boy Scouts beweging gehou sal word.



**Junie 26ste, 1980, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Daar word besluit om die Algemene Jaarvergadering by Mnr. C. T. M. Wilcox te hou. Mnr. Walker verwittig dat hy nie beskikbaar is as voorsitter nie. Verder word voorgestel dat daar elke 2de maand 'n vergadering by die museum se saal of by lede se huise gehou sal word.

Mnr. Walker verwittig dat daar geen "grazing" okkultasies in die afsienbare toekoms plaas vind nie.

**Julie 24ste, 1980, 19de Algemene Jaarvergadering, Woning van Mnr. C. T. M. Wilcox, om 8nm.**

Die volgende lede is verkies as bestuurslede:

Voorsitter: Mnr. B. D. Viljoen

Ondervoorsitter: Mnr. P. Erasmus

Ere Sekretaris: F. C. Nesper

Uit die voorsittersverslag:

Die uittredende voorsitter verwittig datt daar 'n geringe toename in die aktiwiteite was die afgelope jaar. 'n Paar sterreande is gehou wat deur die Boy Scouts en 'n groep verpleegsters van die Oranje Hospitaal bygewoon is. Drie okkultasies is aangepak met beperkte sukses as gevolg van weersomstandighede. Wat gewone okkultasies betref was die voorsitter suksesvol met 27 okkultasies.

**Augustus 28ste, 1980, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Mnr. Walker berig dat daar op 15 November en 14 Desember okkultasies plaasvind. Hy het die resultate van 24 okkultasies aangestuur.

Die voorsitter verwittig dat hy moontlik 'n sleutel kan bekom van die sterrewag teater wat sal verseker dat krag altyd beskikbaar sal wees met vergaderings. Daar word ook voorgestel dat 'n 12.5 mm Barlowlens aangekoop word. Wat die vloer van die sterrewag aanbetref word voorgestel dat die raamwerk en vloerbande stewiger gemaak word. Mnr. Wilcox bied aan om die Munisipaliteit hieroor te nader.

Mnr. Viljoen stel voor dat notas uitgestuur word voor vergaderings om lede in kennis te stel. Verder word die vergaderings verander na die 4de Donderdag van elke maand. Mnr. Viljoen stel voor dat 'n kwartaalblad van die tak se bedrywighede opgestel word. Verder vertel hy van 'n persoon wat intereseerd is in radio astronomie en moontlik by die tak sak aansluit.

**September 25ste, 1980, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Dit blyk dat die uitstalling van die tak alreeds in die biblioteek aan die gang is en navrae is reeds ontvang. Wat die gat in die vloer van die sterrewag betref sê Mnr. Wilcox dat hy nog nie met die burgermeester in verbinding was nie. Mnr. Viljoen verwittig dat hy oogstukke KBA van die Planetarium sal bestel.

Mnr. Erasmus wys interessante foto's wat hy van die maan geneem het. Hierna word 'n vasvra gehou met mnr. Viljoen as die vraesteller.

**Oktober 10de, 1980, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Daar word besluit om die okkultasie van 5 November 1980 aan te pak. Daar word verwittig dat die uitstalling in die biblioteek uitgeskyf is na die binder biblioteek.

**Desember 4de, 1980, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Mnr. Walker verwittig dat die okkultasie van 5 November 1980 se uitslae baie goed is. Wat die uitstalling in die biblioteek betref sal Mnr. Walker reël vir die verwydering van die teleskoop.

Mnr. Viljoen verwittig dat hy 9mm oogstukke en Barlow lense ontvang het.

Die teleskoop by Brandkop is vir R100 aan Mnr. Erasmus verkoop.

## 1981

**Februarie 5de, 1981, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Mnr Walker verwittig dat daar op 12 Februarie 'n okkultasie plaasvind van 'n astroïde en 'n ster. Die tak sal dit wel aanpak.

Mnr. Erasmus verwittig dat hy die geboutjie op Brandkop gevat het en Jack Elikhizen die teleskoop. Daar sal gereël word vir die betaling daarvan. Mnr. Zölner het sy bedanking ingedien as lid van die tak omdat hy vir veearts gaan leer. Die tak het met jammerte hiervan kennis geneem.

Daar is besluit om Prof. Jarret te kontak vir 'n vergadering op Mazelspoort.

Mnr. Wilcoks sê dat hy 'n brief aan die stadsraad gerig het vir die herstel van die sterrewag se vloer. Die stadsraad is nie bereid om die geld te spandeer nie.

**Februarie 26ste, 1981, Woning van Mnr. Erasmus, om 8nm.**

Die okkultasie tussen die ster en die astroïde is bederf deur swak weer.

Mnr. Walker verwittig ook dat die afspraak met Prof. Jarret voorlopig gereël is vir die 13de Mei 1981, om 7nm. Mnr. Erasmus verwittig dat hy die geboutjie op Brandkop geneem het en gevra dat die betaling uitgestel kan word tot Julie. Dit word algemeen aanvaar.

Hierna lewer Mnr. Walker 'n praatjie oor relatiewiteit wat deur almal geniet is.

**April 2de, 1981, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Mnr. Walker verwittig dat die volgende okkultasies plaasvind: 24 April, 30 myl op die Edenburg pad, 23 Mei, 4 myl op die Dewetsdorppad.

Mnr. Viljoen stel voor dat die tak die Planetarium se maandblad bestel teen R5,00 per jaar. Dit word algemeen aanvaar. Verder blyk dit dat spieëls gealmuniseer kan word by Sutherland in die Kaap. Daar moet gereël word vir geleentheid om die spieëls soontoe te neem.

'n Skrywe is van die stadsraad ontvang waarin hulle bereid is om die sterrewag se deur en vloer te herstel.

Daar word besluit om op die volgende vergadering afkeid te neem van Oom Gert wat die einde Mei na Sasolburg vertrek.

#### **Mei 7de, 1981, Woning van Mnr. B. D. Viljoen, om 8nm.**

Mnr. Walker verwittig dat die okkultasie van 24 April nie aangepak is nie as gevolg van bewolkte weer. Mnr. Wilcocks word versoek om verdere reëlins met die munisipaliteit te tref ivm met die herstel werk van die sterrewag, en bedank daarvoor. Mnr. Viljoen sal met SUKOVs praat oor die krag na die geboutjie.

'n Brief is van Mnr. Pontigio ontvang wat graag by die tak wil aansluit. Hy ondergaan tans militêre diensplig by die Pantzerskool. Mnr. Walker sal met die bevelvoerende offisier onderhandel sodat Mnr. Pontigio vergaderings kan bywoon.

'n Tjek van R100 is van Mnr. Erasmus ontvang vir die Brandkop geboutjie. Hy verwittig dat hy by die tak in Pietermaritzburg was waar hy baie gulharig ontvang is.

Mnr. Walker sê dat die okkultasie van 23 Mei aangepak sal word deur die tak.

Vir die besoek aan Boyden sal daar by Oom Gert se huis bymekaar gekom word en met een voertuig gery word. Hierna het die vergadering verdaag om afskeid te neem van Oom Gert Muller wat 12 jaar lid was van die tak en 'n hele aantal jare as voorsitter opgetree het. Mnr. Viljoen, Walker en Wilcocks rig hierna elkeen 'n woord van dank aan Oom Gert vir sy toewyding en goeie voorbeeld wat hy aan die tak gestel het. Die verhuising van Oom Gert word as 'n verlies vir die tak beskou. Oom Gert sê hierna dat hy dit baie geniet het en hy hoop dat die tak sal groei.

#### **Junie 4de, 1981, Woning van die sekretaris, om 8nm.**

Mnr. Viljoen sê dat hy nie die ster kon sien van die okkultasie van 23 Mei nie, en dat Mnr. Hediger se radio nie gewerk het nie. Mnr. Walker was suksesvol.

Wat die besoek aan Boyden betref word daar besluit om 'n brief aan Prof. Jarret te stuur van waardering.

Mnr. Viljoen bied aan om Mnr. Pontigio in kennis te stel van die volgende vergadering.

Mnr. Erasmus stel voor dat 'n inventaris gehou word van al die tak se besittings. Algemeen aanvaar. Verder word daar voorgestel dat wanneer 'n praatjie deur 'n lid gelewer word 'n afskrif daarvoor aan die biblioteek beskikbaar gestel word.

#### **Junie 25ste, 1981, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Sandra Heyden die nuwe lid word verwelkom. Daar word voorgestel dat die Algemene Jaarvergadering weer by Mnr. Wilcocks se huis gehou word.

#### **Julie 28ste, 1981, 20ste Algemene Jaarvergadering, Woning van Mnr. C. T. M. Wilcocks, om 8nm.**

Nadat die uittredende voorsitter Mnr. Viljoen sy verslag gelees het word daar oorgegaan tot die kies van nuwe komiteede:

Voorsitter: Mnr. P. Erasmus.

Ondervoorsitter: Mnr. B. D. Viljoen

Sekretaris: Mnr. F. Naser

Verteenwoordiger: Mej. P. Booth

Rene Hediger stel voor dat 'n program van praktiese waarneming gekoppel met teorie gevolg moet word. Dit is algemeen aanvaar.

Mnr. Viljoen gee hierna 'n lesing oor die delnonstasie van oogreliëf en vastigmatisme van die oë.

#### **Augustus 20ste, 1981, Woning van Mnr. Erasmus, om 8nm.**

Mnr. Erasmus stel voor dat daar na elke vergadering waarnemings gedoen word. Daar moet 'n program gevolg word en rekord moet gehou word. Planete kan bestudeer word, Messier voorwerpe kan gesoek word en gewone okkultasies kan aangepak word.

Daar word voorgestel dat 'n sterreaand vir die publiek gehou word met die nodige advertensies in die koerante. Daar moet 'n telefoon nommer gegee word om belangtelling te toets.

#### **September 24ste, 1981, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Mnr. Erasmus maan oor die sterreaand vir die publiek dat daar elke maand dan een gehou sal moet word met iets nuuts wat elke keer aangebied moet word. Dit word algemeen aanvaar dat dit agterweë gelaat moet word.

Oor die waarnemings moet elke waarnemer sy keuse waarneem maar moet boek hou daarvan, anders dien dit geen doel nie. Daar word voorgestel dat die tak 'n boek aanhou hiervoor. Waarneming van die konstelasies kan deur die hele tak gedoen word.

Die munisipaliteit het die gat in die vloer mooi toegemaak en 'n nuwe deur aangesit. Mnr. Wilcocks word versoek om die munisipaliteit te bedank en word self bedank vir sy werk.

Mnr. Erasmus stel voor dat daar op 'n rotasie van die lede reëlins getref moet word vir die vergaderings, en dat die laaste vergadering met 'n vleisbraai afgesluit moet word, waarna familie en vriende heen genooi kan word. Die braai sal in November gehou word waarna daar deur die teleskope gekyk kan word.

Die 6 duim wat aan Mnr. Lather geleen was word aan Mej. Hediger op sy versoek uitgeleen.

#### **Oktober 29ste, 1981, Huis van Mnr. Erasmus, om 8nm.**

Daar word voorgestel dat die braai by Rayton gehou word en dat Prof Jarret en Dr. Block genooi word. Dit sal 'n bring en braai wees. Dit sal die laaste Donderdag in November wees om 6nm en Mnr. Erasmus sal sy 10 duim teleskoop bring. Mnr. Keuris sal ook genooi word. Mnr. Walker word afgevaardig om te reël vir Rayton.

Hierna is daar deur Mnr. Erasmus se teleskope gekyk.

**Januarie 28ste, 1982, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Wat die sterreaand by Rayton aanbetref blyk dit dat daar groot belangstelling was en meer as 40 mense was teenwoordig. 'n Skrywe is van Indaba Durban ontvang waarin maandelikse nuus van die tak gevra word. Daar word egter besluit om net met okkultasies en groot gebeurtenisse inligting te verstrek.

Daar word afskeid geneem van Mnr. Rene Hediger wat na Stellenbosch gaan om chemiese ingenieurswese te studeer. Hy word alle sukses toegewens.

Mnr. Viljoen onderhandel met SUKOVS vir die installering van 'n kraglyn wat niks sal kos nie. Hy plaas ook die 6mm en 40mm oogstuk saam met die 6 duim teleskoop wat Rene geleen het terug in die kas.

Dit blyk dat die nuwe lid Mnr. Terblanche 'n kursus in sterrekunde by UNISA volg. Hierna lewer Rene 'n baie interessante praatjie oor globur clusters.

**Februarie 25ste, 1982, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Mnr. Viljoen berig dat 'n kabel gelê is vir krag vanaf die hoofgebou. R42 is aan Mnr. Viljoen verskuldig. Mnr. Wilcocks maak 'n R10 donasie hiervoor. Hy sal ook 'n donase skenk vir plastiek vir die verdigting van die gebou.

Mnr. Walker sê dat hy 'n brief aan J. Hertz gestuur het insake okkultasies maar dit is nie publiseer in MNASSA nie. Hertz het geantwoord dat probleme ondervind word maar dat dit reg gestel word. Daar is ook 'n misvertand oor die verteenwoordiger op die raad, dit sal reg gestel word.

Mnr. Andrew Gray, gewese voorsitter van die Durban tak kla omdat daar geen reaksie van ons tak verkry is oor sy voorstel om 'n simposium in Bloemfontein te hou nie. Daar is egter geen offisiële skrywe hieroor ontvang nie. Mnr. Erasmus sal die saak so aan Mnr. Gray oordra.

Mnr. Erasmus stel voor dat daar elke twee maande 'n publieke aand gehou word in die lig van die Rayton braai. 'n Paar teleskope kan gebruik word sodat dit nie baie rond beweeg hoef te word nie. Dit sal op die volgende vergadering bespreek word.

**Maart 25ste, 1982, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

'n Lêer is van Rene Hediger ontvang as donasie en daar word voorgestel dat hy hiervoor deur die sekretaris bedank word. Observatory Kaapstad beweer dat hulle die jaarverslag van Mnr. Viljoen nie ontvang het nie. 'n Afskrif is aangestuur.

'n Skrywe is van Pat Booth ontvang insake 'n bespreking op 'n vergadering van die Raad waarin die verhoging van ledegeld bespreek is. Sy is versoek om te steun soos wat sy goed dink.

Mnr. Erasmus berig dat hy Mnr. Gray gebel het oor die simposium en 'n opvolgende skrywe is ontvang. Daar word voorgestel dat die simposium in 1983 gehou word. Dit sal oor 'n Paasnaweek gehou word. Die volgende is voorgestel: Besoeke aan Boyden en Lamount Hussey. Praatjies by Boyden. Prof Jarret en Dr. Block sal deur Mnr. Walker gekontak word. 'n Braai by Rayton. 'n Besoek aan Dr. Bruwer wat 'n horlosie het van historiese belang. SAUK en Nasionale opvoeding sal gekontak word deur Mnr. Terblanche, asook skole.

'n Boek is van Mnr. Keuris ontvang. Mnr. Erasmus sal die pers kontak vir 'n sterreaand by die volgende vergadering.

**April 29ste, 1982, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Mnr. Andrew Gray sal al die reëlings omtrent die simposium maak. Mnr. Walker het Prof. Jarret gekontak wat voorstel dat die simposium twee weke na die paasnaweek gehou word. Verder kan hy dit nie akkomondeer nie aangesien hy nie personeel het nie. Verder sê hy dat daar op 9 Mei 1982 'n okkultasie plaasvind. Alle belangstellendes moet op die Soutpanspad bymekaar kom om 1/4 voor 6.

Daar sal 'n sterreaand die 27ste Mei vir die Voortrekkers gehou word.

Addendum: Op 7 Mei 1982 is 'n spesiale vergadering gehou waar die volgende besluit geneem is: Mnr. Walker sal as tussenganger optree tussen die tak en Mnr. Gray aangaande die Simposium. Hy sal die end van die maand Bloemfontein toe kom vir besprekings. Mnr. Walker het volmag om op te tree soos hy goeddunk.

**Junie 7de, 1982, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

'n Brief is van Mnr. Gray ontvang insake die simposium waarin hy noem dat hy propaganda sal maak daarvoor. Dit sal die 2de naweek na die paasnaweek gehou word. Skrywes is aan alle takke gerig om te antwoord.

**Julie 29ste, 1982, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Nadat die uitredende voorsitter Mnr. Erasmus se verslag en die finansiële verslag voorgelees is word die volgende lede verkies:

Voorsitter: Mnr. P. Erasmus

Ondervoorsitter: Mnr. B. Viljoen

Sekretaris: Mnr. F. Naser

Verteenwoordiger: Mnr. G. N. Walker

Mnr. Walker berig dat mnr. Gray voorgestel het dat die simposium die naweek van 15-16 April gehou word. Alle takke is hieroor ingelig. As verblyf plekke is Pres. Hotel of Mazelspoort voorgestel. Busse sal gereël word vir vervoer.

Chairman's report:

During the past year members have as usual been busy practising their various interests in astronomy. In general the weather has not been too bad and sufficient "good seeing" was available to enjoy our hobby. Monthly meetings were held at our observatory site on Naval Hill and occasionally at members homes and for their hospitality we thank them.

Members, in alphabetical order, were taking turns in presenting the programmes for the monthly meetings and if talks were given copies are kept on file with other literature of the Centre. Observational notes are also kept in this way for future

reference. For example sketches made at the eyepiece of various objects like planets, moon, nebulae et cetera, and not forgetting occultations.

Occultations: Mr. Walker reported the following:

“My report for this year is fairly brief. Due to various circumstances I have not been able to do as many total occultations this year as I would have wished.”

Total occultations:

Disappearances - 6

Reappearances - 9

Minor Planets:

27.8.81 Ninina - Observation attempted - Cloudy

30.3.82 Eunomia - Telescope bumped at critical moment. Star picked up again as planet moved away.

5.6.82 Observed - No occultation (Two members observed from opposite sides of town)

Graze:

25.5.82 By ZC 2797 - Two observers at Station 1, and one at Station 2, Timing failed at Station 2.

Star evenings

At the end of November 1981 we organised a public evening on a “bring and braai” basis at the Botanical Gardens. Unfortunately only members took part in the “bring and braai” bit. However, due to the publicity this event received in the local press, it turned out to be a tremendous success with about 40 people attending. We thank the Press for their support. It was an exceptionally clear evening with Venus so bright it cast shadows. Three telescopes were used, a 175 Newtonian owned by Mr. Jack Ellinckhuizen, a 250mm RFT and a 75mm owned by Mr Wilcocks.

This year was however, not without its sad news. We were all shocked to learn of the sudden passing away of Senator C.T.M. Wilcocks who was a senior member of the Centre and also a very distinguished citizen of Bloemfontein, being both an ex Mayor as well as Senator. He remained an active member right up to his death. Our deepest sympathy is extended to his wife and family.

We have finally made contact with Mr. Gary and arrangements with regard to the proposed symposium are apparently well under way. Everything points to a symposium with enough variety on the programme to make it the most memorable yet held.

In conclusion, many thanks to the Committee and the members of the Centre for their support during the year. A special word of thanks to our Secretary Mr. Frans Nezer who celebrates his tenth year as Secretary of the Centre. We appreciate the work you are doing with so much dedication.

#### **September 2de, 1982, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Mnr. Gray sal Bloemfontein middel Oktober besoek. Mnr. P. Blommenstein van Kimberley wil inligting oor die Simposium hê. Mnr. Walker sal antwoord.

‘n 6 Duim teleskoop is weg en niemand weet wat daarvan geword het nie. Verdere navrae sal op die volgende vergadering gedoen word.

#### **Oktober 28ste, 1982, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Daar bestaan ‘n moonlikheid dat Rene Hediger die 6 duim mag hê. Mnr. Walker sal hom kontak.

Die simposium sal bekend staan as projek Galileo. Daar moet 25 dubbelkamers en 10 enkel kamers bespreek word.

Die jaarverslag is nie ontvang nie en weer aangestuur hoofkantoor toe.

Mnr. Walker het ‘n skrywe aan die Nasionale Fisiese Navorsing Laboratorium gestuur insake die abnormale ZUO tydsein.

Daar word besluit om Vrydag 26 November die partytjie op Rayton te hou. Dit sal ‘n bring en braai wees en Prof. Jarret sal genooi word.

## 1983

#### **Januarie 27ste, 1983, Woning van Mnr. P. Erasmus, om 8nm.**

Dit blyk dat die 6 duim teleskoop by Rene Hediger is tot groot verligting van die komiteede. Verder blyk dit dat die simposium, projek Galileo deur die mat geval het, as gevolg van ‘n gebrek aan belangstelling, weereens tot groot verligting van almal teenwoordig.

Mnr. Walker berig dat ‘n okkultasie op 10 Maart plaasvind. Dit sal op die volgende vergadering bespreek word. Die vergadering word verdaag en almal kyk deur Mnr. Erasmus se indrukwekkende teleskoop.

#### **Februarie 24ste, 1983, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Dit blyk dat ‘n lesing oor sterrekunde die 4de Maart 1983 deur Mnr. Terblanche voor ‘n gehoor by ‘n Landsdiens kamp te Ladybrand gelewer sal word. Mnr. Walker, Erasmus en Van Zyl sal die okasie bywoon.

Mnr. Walker lewer ‘n interessante praatjie oor alle aspekte van okkultasies met nodige demonstrasies. ‘n Okkultasie nabootser word hierna aan die tak geskenk.

D. Higgins leen 3 duim refraktor en 6 duim teleskoop terug.

#### **Maart 24ste, 1983, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Mnr. Walker berig dat die okkultasie van 10 Maart 1983 op die Bloemfontein - Winburg pad ‘n sukses was. Die tydsein was baie goed ontvang.

Mnr. Erasmus berig dat die geld vir die praatjie deur Mnr. Terblanche op Ladybrand nog nie van die dept. van Kultuursake ontvang is nie. Hy sal hulle kontak.

Hierna het Derek Higgins 'n brief voorgelees aan die tak wat opgestel is in samewerking met Desmond Curry, waarin onredelike en ondeurdagte kritiek gelewer is op senior lede sowel as op die tak. 'n Voorstel is deur Mnr. Walker ingedien gesekondeer deur Mnr. Van Zyl en Terreblanche dat hierdie brief nie aanvaar word nie. Verder is voorgestel dat Dereck en Desmond 'n verskoning verskuldig is aan die tak. Desmond het hierna om verskoning gevra. Derek het egter slegs aan Mnr. Viljoen om verskoning gevra en geweier om die res van die brief terug te trek. Daar is voorgestel dat hy hierdie aangeleentheid goed moet oordink en by die volgende vergadering van sy voorneme in kennis stel.

Mnr. Rabie vra of hy sy 9 duim teleskoop in die sterrewag mag bêre. Dit word goedgekeur. Derek vra of hy die Lincoln Refractor mag leen. Dit word goedgekeur op voorwaarde dat hy dit na die volgende vergadering terug bring. Mnr. J. Ellinckhuizen berig dat die planeet Uranus 4 uur 25 Maart okkulteer.

Wat Ladybrand aanbetref blyk dit dat die praatjie goed ontvang was en dat dit 'n sukses was. 45 Mense was teenwoordig en daar is van 3 teleskope gebruik gemaak.

Hierna het Desmond en Derek 'n praatjie oor Black Holes gelewer.

#### **Mei 5de, 1983, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Na aanleiding van 'n komitee vergadering gehou op 25 April 1983 lees Mnr. Walker 'n brief voor aan Derek Higgins waarin hy veroordeel word vir sy ondeurdagte en onredelike kritiek teenoor senior lede van die tak. Hy word versoek om 'n brief te onderteken waarin hy sy brief terugtrek. Hy weier egter waarna hy formeel en volgens bepalinge van die konstitusie en 'n besluit van die komitee geskors word. Hy word hierna versoek om die vergadering te verlaat. Hy het wel die Lincoln refractor terug besorg.

Daar word voorgestel dat 'n sterreaand gereël word met Prof. Jarret op Boyden waarna lede sal uitgaan in die veld vir algemene waarneming.

#### **Mei 26ste, 1983, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Mnr. Erasmus stel voor dat die teleskope van die tak onder die lede verkoop moet word. Teleskope sal inspekteer kan word en daar sal per koevert gebie kan word. Dit sal verder op die volgende vergadering bespreek word.

Mnr. Ellinckhuizen berig dat 'n artikel van hom oor die vervaardiging van oogstukke uit ou bril lense vir mense wat aan Astigmatisme van die oë ly in die Sky and Telescope gepubliseer is en daar het daarna ook korrespondensie uit Amerika gevolg van mense wat hierin geïntreseed was.

Mnr. Woodcock berig dat sy seun 'n prys in 'n stokperdjie uitstalling by St. Michaels oor teleskope gewen het. Hy word hiermee geluk gewens

#### **Julie 28ste, 1983, Algemene Jaarvergadering, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Nadat die uittredende voorsitter Mnr. Erasmus sy jaarverslag en die tesourier die finansiële staat voorgelê het is die volgende bestuurslede gekies:

Voorsitter: Mnr. B. Viljoen

Ondervoorsitter: Mnr. J. Van Ellickhuizen

Komitee lede: Mnr. H. Terblanche, P. Erasmus

Verteenwoordiger op die raad: Mnr. G. N. Walker

Sekretaris/Tesourier: Mnr. F. Nesar

Ledegeld is verhoog tot R5,00. Mnr. Walker skenk sy versameling boeke aan die klub. Daar word besluit om die vergadering elke 2de maand te hou op die onewe maand.

Daar word voorgestel dat die teleskope van die klub verkoop word en dat slegs een 6 duim teleskoop gehou word.

#### **Augustus 23ste, 1983, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Oor die verkoop van die teleskope word besluit dat lede eerste keuse moet kry. Een teleskoop moet ook gehou word. Die volgende aanbiedinge is ontvang vir die teleskope: Die Lincoln teleskoop - R75,00 van Mnr. Erasmus. Die houtbuis teleskoop - R40,00 van Mnr. Viljoen. Mnr. Ellinckhuizen neem een 6 duim teleskoop huis toe om te toets voordat hy 'n aanbieding maak.

Daar is besluit op voorstel van Mnr. Erasmus om die vergaderings twee maandeliks te hou. Vergaderings sal in die onewe maande gehou word. Die partytjie sal op die volgende vergadering bespreek word.

#### **September 22ste, 1983, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Om die beplande braai te reël word voorgestel dat 'n komitee gekies word. Dit sal dan die vleis, brandstof, drank en ligte reël. 'n Voorstel van Mnr. Terreblanche om 'n skaap te skenk word met dank aanvaar. Die Ponyclub word voorgestel en dan Rayton. Die sekretaris sal die reël. Dit sal Vrydag 25 November om 6nm begin. Twee kaste bier kan gekoop word en die lede moet hulle eie sterker drank bring. Die wors sal by Hennie Steenkamp gekoop word. 'n Uitnodiging sal aan Prof Jarret en personeel gerig word.

'n Woord van dank word aan Mnr. Walker gerig vir sy versameling boeke en kas waarin dit geberg kan word. Daar sal 'n aantekening gemaak word van wie boeke leen. Dit sal gestempel word as eiendom van die ASSA Vrystaat tak. Mnr. Ellinckhuizen vra om die vergaderings op Vrydae te hou.

#### **Oktober 28ste, Woning van Mnr. Erasmus, om 8nm.**

Die braai sal op Rayton gehou word en 16 Kilogram vleis sal geskenk word. Die tak sal die res koop.

Mnr. Walker berig van 'n okkultasie op 13 November 1983 op die Dewetsdorp pad. Die tak sal dit wel aanpak.

Die teleskoop word aan Mnr. Rabie verkoop vir R40,00. Hiern

Alhoewel dit gereën het en dit sopnat was, was almal dit eens dat die braai by Rayton 'n redelike sukses was. Almal het die hoop uitgespreek dat die weer meer gunstig volgende keer sal wees.

Die okkultasie van 13 November 1983 was 'n redelike sukses as gevolg van mooi weer en is deur die volgende lede aangepak: Mnr. Viljoen, Rabe, Tereblanche.

Hierna het Mnr. Rabe baie interessante skyfies gewys wat hy uit die argiewe opgediep het. Alhoewel van die skyfies tot so vroeg as 1901 dateer was almal dit eens dat wat die kwaliteit betref dit glad nie agteruit hoef te staan met hedendaagse foto's van groot sterrewagte nie.

#### **Maart 23ste, 1984, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

'n Skrywe is van Mnr. B. D. Viljoen ontvang waarin hy bedank as voorsitter. Hy voer druk van werk en gebrek aan tyd as rede aan. Geen besluit is oor 'n plaasvervanger geneem nie.

Daar word voorgestel dat vergaderings weer maandeliks gehou word aangesien kontak met lede op die huidige stelsel verloor word.

'n Skrywe is van die Kaap ontvang oor die betaling van die Direkteur se onkoste. Daar word voorgestel dat die geld betaal word indien fondse beskikbaar is. Mnr. Walker sal die nodige doen.

Mnr. Erasmus verwittig dat hy gevra is om op 'n Izankenyazi te Pietermaritzburg 'n praatjie te lewer. Daar word voorgestel dat hy oor die aktiwiteite van die tak sal praat nl. die besoek aan Ladybrand, elke lid se aktiwiteite, Mnr. Tereblanche se kursus by Unisa en Mnr. Walker se betrokkenheid by okkultasies. Hy vertel verder van 'n 12 1/2 duim Cassegrain wat hy van Amerika ingevoer het met baie goeie gehalte.

Mnr. Walker wil 'n rekenaar aankoop vir die berekening van okkultasies

#### **Mei 11de, 1984, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Mnr. Walker berig dat daar op 22 Mei 1984 'n okkultasie plaasvind om 7/30nm wat die tak sal aanpak op die Florisbad pad, 10 myl uit. Mnr. Danie Overbeek woon ook die vergadering by en bedank Mnr. Walker vir die gereelde terugvoering van okkultasie uitslae hetsy dit in goeie of swak weer plaas gevind het. Mnr. Overbeek sê dat dit eintlik jammer is dat so min lede beskikbaar is om die okkultasie van 22 Mei aan te pak. Hierna lewer hy 'n praatjie waarvoor hy hartlik bedank word deur die voorsitter.

#### **Julie 27ste, 1984, Algemene Jaarvergadering, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Mnr. Walker verwittig dat hy na Pietermaritzburg verhuis as gevolg van sy vrou se swak gesondheid. Hy sal sy kennis en ondervinding aan Jack Rabe oordra insake die beplanning van okkultasies. Mnr. Ellinckhuizen sal optree as verteenwoordiger van die raad. Daar word met groot spyt kennis geneem van Mnr. Walker se vertrek. Mnr. Walker was vir 25 jaar lid van die vereniging en het 'n groot bydrae gelewer as voorsitter en as organiseerder van okkultasies en aanmoediging in die algemeen. Hy word alles van die beste toegewens vir die toekoms.

Daar word besluit om vergaderings elke maand te hou en wel elke 4de Vrydag van die maand.

Hierna lewer Mnr. Van Ellinckhuizen sy jaarverslag waarna oorgegaan is tot die kies van nuwe bestuurslede:

Voorsitter: Mnr. Van Ellinckhuizen

Ondervoorsitter: Mnr. B. D. Viljoen

Sekretaris/Tesourier: Mnr. F. Nesar

#### **Oktober 26ste, 1984, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Die okkultasie van 22 Mei was 'n mislukking agv weer.

'n Skrywe is ontvang waarin dit blyk dat ASSA geldelik in die nood is as gevolg van die daling van die waarde van die Rand teenoor die Dollar. Daar sal 'n vraelys omgestuur word waarin takke hulle menings moet lig of die prys van Sky and Telescope gelig moet word of dat die blad nie verder bestel moet word nie. Ons lede sê dat hulle nie Sky and Telescope wil verbeur nie.

#### **November 30ste, 1984, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Mej. Pat Booth woon die vergadering by en lig die tak in oor die intekeningsfooi wat na R45 verhoog word.

Die voorsitter het die lede hierna weer aangemoedig om die okkultasie program met ywer aan te pak. Soveel as moontlik waarnemings vir astroïde okkultasies word gesoek en dit vereis nie veel tyd en inspanning nie.

Mnr. Erasmus nooi hierna die lede uit vir 'n braaivleis sodra sy sterrewag voltooi is.

## 1985

#### **Januarie 25ste, 1985, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Daar is besluit om hoër ledegeld van R45 te aanvaar met ingangsfooi van R10,00. Die ledegeld mag egter verander indien die Rand-dollar waarde verander.

Mnr. Van Ellinckhuizen sê dat die astroïde waarneming 'n sukses was.

Wat die jaarlikse braaivleis betref is daar besluit om 'n bring en braai te hou. Mnr. Terblanche het die vleis aangebied en dit is met dank aanvaar. Dit sal later in die jaar gehou word.

#### **Junie 7de, 1985, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Lede word bedank vir hulle teenwoordigheid by Mnr. Erasmus se inwyding van sy sterrewag. Die moonnykheid word uitgespreek vir die inwyding van Mnr. Viljoen se sterrewag en later 'n braai.

'n Skrywe is ontvang van die Potchefstroom se universiteit waarin alle belanghebbendes gevra word om 'n bydrae te lewer tot die opstel van 'n Afrikaans/Engels sterrekunde woordeboek. Mnr. Terblanche word voorgestel as korrespondent in die verband.

'n Skrywe is ontvang van Mnr. Danie Overbeek waarin hy navraag doen of die tak enige "grazing" okkultasies gedoen het. Sedert oom Wallie weg is is daar egter niks gedoen nie. Mnr. Van Ellinckhuizen het waarnemings probeer doen insake die

Asteroïde okkultasies maar die weer was nie gunstig nie en die okkultasies het ook te lank geduur. Verder was die tydsein ook nie hoorbaar nie.

'n Skrywe is van ASSA ontvang van Mnr. Jimmy Barker insake nominale bydrae van die lede tot ASSA se ledegeld. Daar word egter gevoel dat dit die kool die sous nie werd sou wees nie aangesien daar slegs een lid in Bloemfontein is wat hieraan voldoen.

Verder blyk dit dat daar volgende jaar 'n geselskap vanaf Engeland na Suid-Afrika kom vir die waarneming van Halley. Hulle sal Bloemfontein moontlik besoek. Baie navrae is van die publiek ontvang insake Halley en die moontlikheid word bespreek om die situasie uit te byt om nuwe lede te werf.

#### **Julie 26ste, 1985, Algemene Jaarvergadering, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Dit blyk dat die 8 1/2 duim teleskoop wat ontvang is se optiese dele baie goed is. Die meganiese dele is egter swak. Daar word egter voorgestel dat die teleskoop in die sterrewag monteer word en dat 'n diens aan die publiek gelewer word.

Nadat die uitredende voorsitter sy jaarverslag gelewer het word die volgende bestuuredele gekies:

Voorsitter: Mnr. H. Terblanche

Ondervoorsitter: Mnr. B. Viljoen

Sekretaris/Tesourier; Mnr. F. Nesor

Komiteeëdele: Mnr. H. Van Der Walt en J. Van Elinckhuyzen

Teenwoordiger op die Raad: Mnr. J. Van Elinckhuyzen

Plaasvervanger: Mej. P. Booth

P. R. D.: Mnr. P. Erasmus

#### **Augustus 23ste, 1985, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Mnr. Viljoen noem die moontlikheid dat sy sterrewag later die jaar ingewy sal word. 'n Datum is egter nie genoem nie. Mnr. Erasmus noem dat 'n 8 1/2 reflektor deur 'n buitestaander aan die tak geskenk is. Mnr. Van Elinckhuyzen sou die persoon namens die tak bedank. 'n Plaatjie met die persoon se naam op sal op die teleskoop aangebring word. Mnr. Van Elinckhuyzen is besig om 'n Dobsonian montering van die teleskoop te maak.

Daar word voorgestel dat die tak aan die Munisipaliteit moet skryf om die gebruik van die gebou te verseker. Verder word genoem dat die hoofgebou moontlik afgebreek gaan word en die tak dus nie krag sal hê nie.

Sodra die geboutjie in 'n werkende orde gebring is en die teleskoop instaleer is word voorgestel dat 'n ope-aand elke maand vir die publiek gehou word. Advertensies sal in koerant geplaas word en Halley se komeet moet deurlopend as tema gebruik word.

#### **September 26ste, 1985, Crawfordsingel 12, Fichardtpark, om 8nm.**

Berig is van Mnr. Elinckhuyzen ontvang dat die 8 1/2 duim teleskoop feitlik voltooi is en dit begin 1986 installeer sal word. Mnr. Terblanche onderneem om 'n ondersoek in te stel na die sterrewag se dak, aangesien daar probleme ondervind word met die oopskuif. Hy sal ook die munisipaleit nader oor die gebruik van die sterrewag, en die tak se voorneme om sterreaande vir die publiek te hou. Die inligtingsdiens by Hoffmanplein kan gebruik word vir besprekings soos wat Boyden Sterrewag in die verlede gedoen het. Ons kan tussen 10 en 15 mense op 'n aand akkomodeer.

Mnr. Terblanche stel voor dat die lewer van praatjies weer ingetsel word in Januarie 1986. Mnr. Erasmus stel voor dat observasies van lede by die sterrewag gebêre moet word. Wat die voorgenome besoek aan Boyden Sterrewag betref verwittig Mnr. Terblanche dat hy nog nie Prof. Jarret in die hande kon kry nie.

## 1986

#### **Februarie 7de, 1986, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Mnr. Van Elinckhuyzen verwittig dat die 8 1/2 duim feitlik voltooi is. Dit het nou 'n Dobsonian montering, aangesien teflon nie beskikbaar was vir 'n konvensionele montering nie. Die oorspronklike diagonaal het gebreek en hy het dit vervang. Mnr. Nesor belowe die lense van 'n ou verkyker vir die vindteleskoop.

Mnr. Terblanche vertel dat die dak van die sterrewag baie moeilik oopskuif en dat die aste geolie moet word. Lede sal dit naweke moet doen. Die deur moet met staal versterk word want dit lyk of iemand daar wou inbreek. Hy het 'n brief aan die munisipaleit gerig vir die verdere huur van die geboutjie. Hulle sal dit gratis vir 'n tydperk van 5 jaar gee op voorwaarde dat dit in die staatskoerant publiseer moet word en dat die tak die kostes daarvoor moet dra. Mnr. Elinckhuyzen sal Mnr. Willie Stander van die Stadsraad vra wat die kostes sal wees.

Die publieke aande sal in die Bloemnuus adverteer word met 8 persone op 'n slag.

Die partytjie van verlede jaar was 'n groot sukses en Mnr. Terblanche is bedank vir die voorsiening van die vleis. Lg. sê dat hy in kontak met Prof. Jarret was vir 'n besoek maar dat hy nie tegemoetkomend was nie. Mnr. Van Der Walt sê dat hy moontlik 'n kontak het wat die besoek sal kan reël.

Mnr. Van Der Walt nooi die tak na die inwyding van sy sterrewag op 25 April. Die uitnodiging word met dank aanvaar.

#### **Maart 7de, 1986, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Die 8 1/2 duim teleskoop is amptelik in gebruik geneem en 'n spesiale woord van dank is aan Mnr. Elinckhuyzen gerig vir sy moeite. Dit blyk dat die koste vir die teflon, verf en diverse artikels R30 beloop het. Mnr. Van Elinckhuyzen was bereid om in ruiling vir een van die klub se 4mm oogstukke vir die koste te aanvaar. Die saak is dus so geskik.

Mnr. Elinckhuizen verwittig dat hy met Mnr. Stander van die Munisipaliteit gesels het oor die vervreemding van die sterrewag. Dit blyk dat dit volgens ordenansie moet geskied, en dat dit R100 sal kos. Daar word gevoel dat dit te veel geld is en dat die geboutjie liever gehuur moet word. Ondersoek sal hierna ingestel word.

Die besoek aan Boyden en besoekersaande moet oorstaan totdat Halley verby is. Die Halley aand sal op 18 April gehou word.

#### **Mei 23ste, 1986, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Vervreemding van die Sterrewag: Mnr. Van Elinckhuizen verwittig dat dit tans in die Staatskoerant publiseer word en hy sal die rekening voorlê vir betaling sodra hy dit ontvang.

'n Skrywe is ontvang waarin gevra word wie die tak se verteenwoordiger op die Raad sal wees. Mnr. Van Elinckhuizen word voorgestel met Mej. Booth as plaasvervanger in die Kaap. Eg. sal die brief skryf.

Mnr. Erasmus het 'n brief van die Oranje Voël Vereniging gekry waarin die moontlikheid van die hou van 'n Omgewingsbewuste dag genoem word. 'n Vergadering word op 26 Mei by die Dieretuin gehou en Mej. Coetzee en Mnr. Van Elinckhuizen word genomineer om dit by te woon. Daar word voorgetel dat 'n statiese uitstalling gehou word met die nodige plakkaat asook die adres van die vereniging, asook 'n teleskoop aand by die sterrewag. Datum vir so 'n aand is 24 Oktober wanneer Mars, Jupiter, Saturnus en Uranus en Venus sigbaar sal wees.

#### **Junie 27ste, 1986, Woning van Mnr. Van Der Walt, om 8nm.**

'n Skrywe is van weer ontvang van die Oranje Voëlvereniging oor die uitsalling in die Sanlam Plaza vanaf 13 tot 18 Oktober 1986. Mnr. Van Elinckhuizen sal skakel hieroor.

Oor die huur van die Sterrewag word voorgestel dat 'n afskrif van die Staatskoerant verkry word so ook oor die huur van die sterrewag. Besoek aan die sterrewag: Die PRO van die Munisipaliteit moet hieroor gekontak word en die fase van die maan moet ook in ag geneem word.

Mnr. Van Der Walt sal weer 'n poging aanwend om 'n besoek aan Boyden te reël. Blykbaar is Boyden Sterrewag in vir probleme na die aftrede van Prof. Jarret. 'n Skrywe is van Danie Overbeek ontvang insake okkultasies.

#### **Julie 25ste, 1986, Algemene Jaarvergadering, Woning van Mnr. Hennie Van Der Walt, om 8nm.**

Mnr. Van Elinckhuizen verwittig dat 'n 6 duim teleskoop plus 4 oogstukke geskenk is deur Mnr. Wederpool. Eg. word bedank vir die goeie funksionering van die 8 duim teleskoop.

Die ledegeld is R5 vir volwassenes en R3 vir studente.

Hierna word die komitee verkies:

Voorsitter: Mnr. Terblanche

Ondervoorsitter: Mnr. H. Van Der Walt

Sekretaris/Tesourier: Mnr. F. Nesor

P.R.O.: Mnr. Van Elinckhuizen

Komiteede: Mnr. Bothma, Mev. Coetzee

#### **September 26ste, 1986, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Mnr. Van Elinckhuizen berig dat hy nog 'n skenking van 'n teleskoop van die tak gekry het. Verder word die uitstalling, besoekersaand, veiligheidshek en krag na die geboutjie weer bespreek. Die statiese uitstalling word vanaf 13 tot 19 Oktober 1986 in die Sanlam Plaza gehou. Mnr. Van Der Walt en Van Elinckhuizen sal die nodige doen.

#### **Oktober 31ste, 1986, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

'n Woord van dank word aan Mnr. Van Der Walt en Van Elinckhuizen gerig vir hulle moeite met die uitstalling. Mnr. Van Elinckhuizen het Saterdag 'n skyfie vertoning gegee waarin 20 girl guides en boy scouts deel gehad het.

Wat die aanstelling van die krag betref verwittig Mev. Coetzee dat daar probleme is met die kabel. Mnr. Viljoen sal Pieter Geldenhuys skakel. Hy is die voorsitter van die sterrewag stigting.

Daar word besluit omm die afsluiting op Saterdag 22 November 1986 by Mnr. Viljoen te hou. Mnr. Terblanche sal die skaapvleis voorsien. Die sekretaris moet 'n paar kilogram word en drank koop.

## 1987

#### **Februarie 27ste, 1987, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Omgewingsweek: Mnr. Van Der Walt en Mnr. Van Elinckhuizen word weer bedank vir hulle aanskoulike uitstallings.

Jaarlikse braai: 'n Spesiale woord van dank aan Mnr. en Mev. Viljoen vir 'n aangename funksie.

Ivm die agt duim word voorgestel dat Mnr. vd Walt gevra sal word om 'n plaatjie te maak, waarna 'n foto geneem sal word en aan die skenker gestuur sal word. Mnr. Van Elinckhuizen sal die brief skryf.

'n Aanbod word van Mnr. Van Elinckhuizen ontvang vir die 6 duim vir 'n bedrag van R40.

Mnr. Terblanche nooi alle lede na 'n inwydingsfunksie van sy sterrewag op sy plaas op die 4de April. Die uitnodiging word met dank aangeneem.

#### **Mei 22ste, 1987, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

'n Voorstel word ingedien vir 'n brief van dank aan Mnr. Wederpool vir die skenking van die 6 duim teleskoop. Mnr. Terblanche sal die nodige doen.

'n Aanbod van Mnr. Elinckhuizen vir die ou 6 duim teleskoop van R15 word algemeen aanvaar. 'n Bedrag van R25 wat deur hom betaal is vir die omgewingsweek dien as verdere betaling.



'n Woord van dank word aan Mnr. Rabe gerig vir sy voorstelle vir die sterrekunde woordeboek. 'n Skrywe is van die ere sekretaris Mnr. Kuun ontvang wat in samewerking met Prof. Jarret 'n komitee opstel. Mnr. Terblanche sal met Prof. Jarret onderhandel.

**Junie 26ste, 1987, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

'n Brief is van Mnr. Kuun ontvang insake 'n sterrekundige week van 28 September - 4 Oktober 1987 en gevra vir 'n bydrae deur die tak. Dit blyk dat Prof. Jarret nie kan help met die sterrekundige week nie. Daar word voorgestel dat 'n statiese uitstalling in die Nasionale biblioteek gehou word. Daar word voorgestel dat die Fisika Departement van die Universiteit betrek word, asook 'n praatjie op radio Oranje.

**Julie 31ste, 1987, Algemene Jaarvergadering, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Die Nasionale Sterrekundige week word weer bespreek.

Hierna word die komitee gekies:

Voorsitter: Mnr. Terblanche

Ondervoorsitter: Mnr. Erasmus

Sekretaris: Mnr. F. Naser

P.R.O.: Mev. Coetzee

Komiteelede: Mej. Stone en Mnr. M. Bothma.

Verteenwoordiger: Mnr. Van Elinckhuysen.

**Augustus 28ste, 1987, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

Daar word voorgestel dat 'n publieke aand gehou word met 'n praatjie deur Prof. Viljoen van die Fisika departement. Mej. Stone sal reël. Daar word gevoel dat hy permanent betrek behoort te word.

Verder word daar gevoel dat lede meer aktief betrokke moet raak. Rassie stel voor dat 'n skyfie vertoning een aand by hom gehou sal word.

**November 27ste, 1987, Naval Hill Sterrewag, om 8nm.**

'n Woord van dank word aan Mej. Stone gerig insake die reëlings vir 'n praatjie by die Universiteit. Mnr. Terblanche sal 'n brief aan Prof. Botha rig in die verband. Mnr. Erasmus word versoek om 'n praatjie by die volgende vergadering te lewer. Mej. Stone sal 'n praatjie in Februarie 1988 lewer.

Besprekings insake die partytjie sal met die volgende vergadering hervat word.

## 1988

**Januarie 28ste, 1988, Woning van Mnr. Erasmus, om 8nm.**

Daar word besluit om die partytjie by Kafferrivier te hou, 'n bring en braai met drank deur die tak voorsien.

Dit blyk dat Mnr. Terblanche en Rabe op die komitee van die Sterrekunde woordeboek is.

'n Skrywe is van Mnr. Scobil ASSA verteenwoordiger ontvang en hy vra wat daar op die volgende vergadering bespreek moet word. Die algemene gedagte was dat daar meer vir die suidelike halfond gedoen word en dat ASSA dit moet opneem.

**April 28ste, 1988, Woning van Mnr. Hennie Van Der Walt, om 8nm.**

Daar word besluit om die partytjie uit te stel tot die end van 1988.

Die ASSA Solar section Boksburg het 'n skrywe aan ons gerig waarin hulle vra of ons belang stel om die son waar te neem. Hulle sal ons van verslae voorsien. Die sekretaris sal hulle antwoord.

**Junie 23ste, 1988, Woning van Mnr. Hennie Van Der Walt, om 8nm.**

Mnr. Erasmus simpatiseer met die afsterwe van Mattie en Frans se vader. Hoop word ook uitgespreek vir Mnr. Terblanche vir spoedige herstel van sy siekte.

**Augustus 8ste, 1988, Algemene Jaarvergadering, Woning van Mnr. Hennie Van Der Walt, om 8nm.**

Die volgende komitee lede word verkies:

Voorsitter: Mnr. H. van der Walt

Ondervoorsitter: Kobus Rabe

Sekretaris: Lesley Stone

P.R.O.: Mev Rabe

Verteenwoordiger: Mnr. J. Van Elinckhuysen

Komiteelede: Tom en Rassie en Martin Bothma.

Die nuwe voorsitter rig 'n spesiale woord van dank aan Hennie Terblanche vir drie jaar van voorsitter wees en aan Mnr. Frans Naser vir 17 jaar van Sekretaris wees.

Daar word besluit dat vergaderings maandeliks sal wees en wel elke 4de Vrydag van die maand. By elke vergadering moet iemand 'n praatjie lewer.

**Augustus 26ste, 1988, Woning van Mnr. Hennie Van Der Walt, om 8nm.**

Die afsluitings funksie word verskuif na 18 November 1988 en dan sal ons besluit oor die plek van die Januarie vergadering. Datums en onderwerpe vir bespreking vir die jaar Augustus 1988/Julie 1989 is gereël. Alle vergaderings om 19h30.

Onderwerp vir bespreking: Mars. Aanbieder Mnr. H. Van Der Walt. Dit was 'n interresante praatjie wat tot bespreking gelei het.

**September 30ste, 1988, Woning van Mnr. Hennie Van Der Walt, om 8nm.**

Daar is 'n bespreking gehou oor die maak van teleskope en die voordele van verkykers. Daarna is daar deur Mars en Saturnus gekyk deur Mnr. Van Der Walt se teleskoop.

**Oktober 28ste, 1988, Woning van Mnr. Hennie Van Der Walt, om 8nm.**

Mnr. Tom Shepard het gepraat oor die sluip van teleskoop spieëls en die maak van teleskope. Hy het 'n "schief spiegler" reflector wat hy self gemaak het ook saam gebring en die werking daarvan verduidelik.

## 1989

**Januarie 27ste, 1989, Woning van Mnr. Hennie van der Walt, om 8nm.**

Daar is 'n praatjie gegee deur Lesley. Verder is daar ingebreek by die vereniging se geboutjie op Naval Hill.

**Maart 31ste, 1989, Woning van Mnr Erasmus, om 8nm.**

Mnr Erasmus het vir ons 'n interresante skyfie vertoning gehou en daarna het ons deur die teleskope gaan kyk. Die lug was besonder helder.

**April 28ste, 1989, Woning van Mnr. Hennie van der Walt, om 8nm.**

Daar was 'n algemene bespreking oor die meeting van sterrekundige afstande, gelei deur Mnr. van der Walt, waaraan almal deelgeneem het.

**Julie 29ste, 1989, Woning van Mnr. Hennie van der Walt, om 8nm.**

Die tema van die aand word deur Sarita de Vaal voorgedra. Haar voordrag handel oor die ontstaan en evolusie van sterre. Op interessante wyse word die bestaansiklus van sterre met verskillende aanvanklike massas tot hul uiteindelijke uitbarsting en ineenstorting deur haar geskets. Die voorsitter bedank haar vir haar goed voorbereide praatjie.

**November 3de, 1989, Algemene Jaarvergadering, Woning van Mnr. Erasmus, om 8nm.**

Die volgende komiteelede is verkies:

Voorsitter: Mnr. H. van der Walt

Ondervoorsitter: Kobus Rabe

Sekretaris: Mev. Rabe

Verteenwoordiger: Mnr. J. Van Elinckhuizen

Komiteelede: Tom en Rassie en Martin Bothma.

Die afluitingsfunksie sal op Saterdag 25 November 1989 plaasvind. Die uitstaande ledegeld moet ook ingevorder word. Daar word 'n bekendstellingsfunksie in Januarie 1990 beplan om die publiek bekend te stel. Mnr. Rabe stel voor dat fondse bestee moet word om die gebou op Naval Hill meer stofdig te maak. Verder is die probleme wat Mnr. Erasmus het met sy teleskoop bespreek asook die nuwe boek van Mnr. vd Walt nl. "The Hamlyn Encyclopedia of stars and planets".

## 1990

**Maart 9de, 1990, Huis van Mnr. P. Erasmus, om 7nm.**

Daar word voorgestel dat die ledegeld verhoog moet word maar dit moet oorstaan tot die jaarvergadering. Mnr. Erasmus weet van persone wat belangstel in die vereniging en die vergaderings moet meer ininteressant aangebied word deur prakties die sterre te observeer.

Mnr. van der Walt onderneem weereens om iemand te gaan spreek om krag na die gebou op Naval Hill aan te sluit. Hy sal saam met Mnr. Rabe die gebou besoek om te kyk waar dit verbeter kan word. Sou dit gebeur kan die publiek weereens uitgenooi word.

'n Uitstappie word beplan na Mnr. Bob Hewetson, "de Put", Brandfort. Mnr. v/d Walt sal hom skakel. Hy sal ook die SAUK skakel vir 'n praatjie en die vergaderings datums vasstel.

Mnr. Sheppard vra dat daar gekyk moet word na die versilwering van spieëls.

Mnr. Rabe gesels oor die vordering van die sterrekunde woordeboek. Hy noem dat hulle daaraan dink dat hulle volgende jaar met die sonsverduistering 'n skip wil reël na die Atlantiese oseaan.

**Augustus 3de, 1990, Algemene Jaarvergadering, Huis van Mnr. Van Der Walt, om 7nm.**

Verkieping van die komitee:

Voorsitter en Tesourier: Mnr. H. van der Walt

Ondervoorsitter: Mnr. C. Rabe

Sekretaresse: Mev. S. Rabe

Komiteelede: Mnre. Terblanche en Erasmus.

Hierna word die jaarverslag en die Elektroniese stervinder bespreek.

**Augustus 3de, 1990, Huis van Mnr. Van Der Walt, om 7nm.**

Volgende sake word bespreek:

Besluit oor plakkers van Nataalklub.

Boydenteleskoop. Mnr. v.d. Walt het in gesprek getree met Mnr. Barkhuizen en sal die saak verder voer met Prof. P. E. Viljoen.

Praatjie tov skepping wat slegs 20 000 jaar oud is.

Brief van 'n persoon van die beskermende werkswinkel wat in die vereniging belangstel.

TV program oor die ontwikkeling van VSA ruimteprogram asook evolusie.

Boek "Fraud in Space".

Hubble teleskoop asook sy probleme.

Koerantartikel. Mnr. vd Walt sal met 'n dame by die Volksblad skakel.

### **September 5de, 1990, Huis van Mnr. Van Der Walt, om 7nm.**

Mnr. vd Walt lees 'n brief wat hy gestuur het aan Prof. Potgieter om aansoek te doen vir die gebruik van 'n teleskoop by Boyden Sterrewag. Daar is nog nie 'n antwoord op die brief ontvang nie. Dit is deur die lede goedgekeur.

Die afluitingsfunksie word bespreek. Dit is 7 Desember 1990 en is 'n bring en braai.

Mnr. Rabe gesels oor sy sterrekunde projek.

## **1991**

### **Committe chosen for 1991/1992 was as follows:**

Chairman: HP vd Walt

Vise chairman: J Rabe

Secretary: S Rabe

Committee: PTB Erasmus, TJ Sheperd

Council rep: H Terblanche

## **1992**

### **Julie 31ste, 1992, Algemene Jaarvergadering, Fisika gebou, UOVS, om 7nm.**

Die voorsitter spreek die hoop uit dat die goeie opkoms gehandhaaf kan word en dat dit 'n groei in die vereniging se aktiwiteite tot gevolg sal hê.

Hierna word die volgende komitee verkies:

Voorsitter: Mnr. H. van der Walt

Ondervoorsitter: Mnr. H. Calitz

Sekretaresse: Mev. T. Venter

Komitee lede: Mnr. B. van Zyl, C. de Coning, Mej. L. Hatting

Die voorsitter sal die name van die komitee lede aan die hoofkantoor stuur. 'n Voorstel dat lede R2 p.m. bydra vir tee, koffie, melk ens vir byeenkomste word aanvaar.

Die Departement Fisika sal deur Mnr. Calitz genader word dat die Vereniging hul vergaderings by Boyden Sterrewag hou. Hy meld dat hulle wel al tentatief genader is en dat die departement die volgende teenpretasie vra vir die gebruik van die sterrewag: lede moet bereid wees om groepe uit te neem en inligting daar te verskaf. Van die lede is reeds bereid. Indien daar dan wel daar vergader word sal die groep dan elke laaste Vrydag van die maand om 18:30 by die Fisika gebou bymekaar kom en van daar vertrek.

'n Voorstel dat daar bepaal moet word wat elke persoon se motivering is om by die vereniging aan te sluit, sy belangstellingsterrein en gebiede waarop hy meer inligting verlang word aanvaar. Die sekretaresse sal so 'n vraelys saamstel en uitstuur. Elke lid kan dan die geleentheid kry om 'n bydrae te lewer. Enige interessante brokkies inligting kan tydens die byeenkomste oorgedra word.

Mnr. van der Walt gee 'n interessante praatjie oor konstellasies, die ontstaan van hul name, winter- en somer konstellasies asook beweging in die hemelruim.

Mnr. Calitz wys op die waarde van kaarte en lig 'n paar beginsels uit. Daarna word daar na 'n verskeidenheid skyfies gekyk. Van die lede benut daarna die geleentheid om konstellasies te identifiseer vanaf die dak van die gebou.

### **September 18de, 1992, Huis van Mnr. van Der Walt, om 7nm.**

In stede van die R2 per maand word R10 per jaar voorgestel vir ledegeld. Die boekjaar sal strek vanaf 1 Julie - 30 Junie. Daar is 'n bedrag op spaar by Trust Bank, wat na die goue spaar oorgeplaas kan word. Die Voorsitter sal ondersoek instel.

Die uitvat van groepe na Boyden word bespreek. Mnr. Calitz is die enigste lid wat dit doen, en die ander is ook bereid. Daar sal gepoog word om dit met ons normale uitstappies of ander vaste datums te koördineer. Daar word wel bevestig dat die bymekaarkomplek by die Fisika departement sal wees. Alternatiewe programme sal gereël word by Boyden.

In die vraelys sal belangstellings, kundigheid, ens bepaal word. Dit sal 'n belangrike rol speel in die bepaling van aktiwiteite en daarom moet dit met sorg saamgestel word. 'n Konsep sal deur die Voorsitter, onder-voorsitter en sekretaresse en uitgestuur word.

Mej. Hatting kan vir afslag beding op apparatuur vir lede en sal dit voor lê op vergaderings. Die adres lys sal aan lede beskikbaar gestel word. Daar kan van die Munisipaleit se "What's On" reklameblad gebruik gemaak word om die vergaderings en byeenkomste van die Vereniging te adverteer. 'n Kalender van sterrekundige gebeure kan tydens elke lede vergadering vir die komende maand uitgedeel word.

'n Voorstel dat ledevergaderings 'n vaste struktuur het vind byval. Elemente soos die volgende kan ingeluit word: 1. Rapportering oor interessante sake. 2. Vrae en antwoorde. 3. Onderwerp.

Die probleem dat voornemende lede slegs teleskoop observasie wil doen word bespreek. Lede kan elk 'n geleentheid kry om oor 'n onderwerp 'n voordrag te lewer. 'n Vooraf beplande program moet uitgedeel word, met bv. oa slegs 1 X kwartaal observasie. Die doel van die vereniging moet onder lede se aandag gebring word. Uitstallings en 'n bronnelys van leesstof kan elke byeenkoms interessanter maak, veral wanneer daar oor 'n sekere onderwerp gepraat word.

Die vereniging moet ook as waghond optree teen sterrekundige flaters wat in die pers begaan word. Die voorsitter verwys na die wyse waarop Die Volksblad die maan siklus aangegee het.

Die notule word voorgehou en goedgekeur. Die volgende sake spruit uit die notule:

Die briefhoof moet nog goedgekeur word deur Mnr. Van der Walt.

Mev. Venter moet nog die vraelys saamstel.

Adreslys moet nog aan alle lede uitgedeel word.

Mnr. de Coning en Van Zyl sal nog opgelei word om by Boyden behulpsaam te wees met die hantering van groepe.

Daar word verwys na die afsluitingsfunksie in Desember 1992 aan huis van Mnr. van der Walt.

## 1993

### **Januarie 29ste, 1993, Fisika gebou, UOVS, om 7nm.**

Die hoofdoel van die vergadering is om die jaarprogram saam te stel. Daar word besluit om 4 keer uit te gaan na Boyden en om die videoreeks wat die UOVS aangekoop het en uit ses dele bestaan in die preogram in te werk. 'n Tema sal ook vir elke byeenkoms bepaal word. Daar word besluit dat die vergaderings op die laaste Donderdag van elke maand plaasvind. Die videos sal gebruik word wanneer Boyden-aande nie kan realiseer en ook as toeligtig by praatjies.

Algemeen: Mev. Venter sal die koerante, radio en what's On gebruik vir reklame vir byeenkomste..

Boyden is laat 1992 deur 'n storm wind beskadig. Die UOVS gaan moontlik herstelwerk daar verrig. Die moontlikheid dat die kompleks gesluit gaan word is nie uitgesluit.

'n Skrywe is ontvang van die Transvaalse vereniging wat voorstel dat daar gedurende die jaar 'n saamtrek by Boyden plaasvind. Ons sal help met die reëlings en verblyf aanbeveel. Mnr. Calitz sal hulle antwoord en uitnoodi.

Die Fisika departement het 'n sonteleskoop installeer en die vereniging kan aansoek doen om observasie.

'n Voorstel dat 'n vrae en antwoord stelsel begin vind byval.

### **Februarie 25ste, 1993, Fisika gebou, UOVS, om 7nm.**

Hannes Calitz vertoon skyfies en gee 'n lesing in die groot Lesingslokaal.

### **Maart 25ste, 1993, Boyden Sterrwag, om 7nm.**

Skyfies in klein lesingsaal en observasies.

### **April 4de, 1993, Fisika gebou, UOVS, om 7nm.**

Verwelkoming deur Mnr. H. Van Der Walt. Lesing deur hom oor die "Big Bang". Rektor van die UOVS is teenwoordig.

### **Mei 5de, 1993, Fisika gebou, UOVS, om 7nm.**

Verwelkoming deur Hannes Calitz. Hy gee 'n praatjie oor "Black Holes" en raak lireis oor die "cute"heid van die Fisika van Black Holes.

### **Junie 6de, 1993, Fisika gebou, UOVS, om 7nm.**

Hannes Calitz verwelkom almal teenwoordig. Daar was 70 gaste en Trudie Venter het 'n lesning aangebied oor vreemde vlieënde voorwerpe. Chaos, gasprekers vanaf Durban het hulle self nomineer.

### **Julie 7de, 1993, Boyden Sterrewag, om 7nm.**

Observasies.

### **Augustus 8ste, 1993, Fisika gebou, UOVS, om 7nm.**

Mnr. Van der Walt heet almal welkom. Braam van Zyl bied 'n lesing aan oor Kwasars en Galaksies.

### **Augustus 26ste, 1993, Algemene Jaarvergadering, Fisika gebou, UOVS, om 7nm.**

Die volgende lede is tot die komitee verkies:

Voorsitter: Hannes Calitz

Ondervoorsitter: Mnr. H. van der Walt

Sekretaresse & Tesourier: Liesel Hattingh

Verteenwoordiger by die Raad: Chris de Coning

Addisionele Lede: Braam Van Zyl

Deon Stein

### **September 30de, 1993, Fisika gebou, UOVS, om 7nm.**

Chris de Coning doen die aanbieding oor NASA en Ruimtevaard.

### **Oktober 14de, 1993, Boyden Sterrewag, om 7nm.**

Hannes Calitz verwelkom almal teenwoordig. Video vertoning oor Black Holes in die Boyden-Biblioteek. Maak teleskope oop nadat dit ophou reën om 21h00.

**November 11de, 1993, Fisika gebou, UOVS, om 7nm.**

Lesing aangebied deur Chris de Coning oor die geskiedenis van Sterrekunde.

**Desember 12de, 1993, Boyden Sterrewag, om 7nm.**

Afsluiting en braai.

**1994**

**Januarie 17de, 1994, Bestuursvergadering, woning van Mnr. D. Steyn, om 7nm.**

Register van besluite:

Die volgende lede het of gaan verhuis en is nie langer beskikbaar om op die bestuur te dien nie: Mnr. H. Calitz – Voorsitter, Mej. L. Hattingh – Sekretaris / tesourier, Mnr. C. de Coning – bestuurslid. As tussentydse maatregel word besluit dat Mnr. B. Van Zyl sal optree as voorsitter, Mnr. H. Van Der Walt sal aanbly as onder-voorsitter, en Mnr. D. Steyn sal aanbly as bestuurslid. 'n Persoon sal gewerf word vir die pos van sekretaris/tesourier. Die ander poste op die bestuur sal vir eers vakant bly. Die volgende bestuursverkieping sal Junie 1994 gehou word.

'n Program word opgestel vir die eerste helfte van 1994.

Die vereniging wil graag weer gebruik maak van die UOVS se fasiliteite. Mnr. B. Van Zyl en Mnr. C. De Coning word afgevaardig om Mnr. M. Hoffman in die verband te gaan spreek.

Elementêre sterrekaarte en maankaarte gaan elke maand versprei word.

Mnr. De Coning sal as voorsorgmaatregel ook by Vista Universiteit aansoek dat ons daar kan vergader indien die UOVS nie vir ons toestemming kan geen nie.

**Januarie 27ste, 1994, Fisika gebou, UOVS, om 7nm.**

Video oor die heelal word vertoon, waarna Mnr. B. Van Zyl 'n praatjie lewer oor die amateur sterrekunde. 12 Persone teenwoordig.

**Februarie 24ste, 1994, Fisika gebou, UOVS, om 7nm.**

Mnr. C. de Coning lewer 'n interessante praatjie oor sterrekunde geskiedenis. 15 persone teenwoordig.

Na afloop van die byeenkoms is 'n bestuursvergadering gehou. Die volgende besluite is geneem:

Die Vereniging mag gebruik maak van die UOVS se fasiliteite. 'n Brief moet net gerig word waar toestemming gevra word om Boyden sterrewag op 21/07/94 te gebruik. Mnr. B. Van Zyl sal dit doen.

Mej. J. Van Heerden word aangewys as die volgende sekretaris.

Die Vereniging het al die jare lank 'n Bankrekening by Trust Bank – (nr. 38-12513-002-7) Saldo. R 558,98. Die enigste persoon wat tekenregte het, is 'n Mnr. Nester wat nie meer 'n aktiewe lid van die vereniging is nie. Die bank verlang 'n brief van Mnr. Nester voordat hulle bereid is om die tekenregte te verander. Mnr. H. Van Der Walt sal poog om Mnr. Nester op te spoor. Nuwe Tekenregte: Enige twee van Mnr. Van Der Walt, Mej. Van Heerden of Mnr. Van Zyl.

Daar word besluit dat die Vereniging sy eie posbus moet bekom, dat 'n lede adreslys opgestel moet word en dat nuusbriewe uitgestuur moet word.

'n Pannekoekaand word vir Vrydag 10 Maart 1994 by die woning van Chris de Coning gereël.

Mnr. De Coning maak melding dat die Vista Universiteit toestemming verleen het dat ons mag gebruik maak van hulle fasiliteite. Neem met dank kennis.

**Maart 31ste, 1994, Boyden Sterrewag, om 7nm.**

Slegs 10 mense daag op, aangesien dit die begin van 'n lang naweek is. Observasies deur die teleskope.

**April 4de, 1994, Onderwysentrum, Dealeweg, om 7nm.**

Onder leiding van Mev. Schoch het ons meer geleer van die sterrekunde opvoedkunde program vir begaafde leerlinge. Waarneming is ook gedoen vanaf hulle sterrewag. 15 Persone het opgedaag. Daar was slegs 3 mans omrede ons manlike lede militêre verpligtinge tydens die verkiesing gehad het.

'n Brief met dank betuiging is aan Mev. Schoch gestuur.

**Mei 25ste, 1994, Boyden Sterrewag om 7nm.**

Die eerste Nuusbrief is op 12 April 1994 aan al die lede uitgestuur, en is hierna gereeld gestuur.

Tien persone het die koue trotseer om waarneming met die teleskope te doen. Matie Hoffman se praatjie oor "sterre kleure" het groot byval gevind. Daar was ongelukkig nie genoeg tyd gewees om die gedeelte oor "afstand bepaling" te doen nie. Op versoek van Matie sal dit op 'n latere stadium gedoen word.

Uit die Nuusbrief van 22 Junie 1994 die volgende:

Botsing tussen Jupiter en Shoemaker.

Die langverwagte botsing tussen die planeet Jupiter en die komeet Shoemaker gaan na alle verwagtinge gedurende Julie maand plaasvind. Ons as vereniging is in die bevoorregte posisie dat ons op die aand van 21 Julie 1994 waarneming vanaf Boyden-Sterrewag gaan doen. Meer besonderhede sal in die volgende nuusbrief bekend gemaak word.

**Junie 30ste, 1994, Algemene Jaarvergadering, Fisika gebou, UOVS, om 7nm.**

Deon Steyn het 'n interessante praatjie oor sateliete gelewer, gevolg deur 'n Video vertoning.

Bestuursverkieping: Volgens die grondwet moet die bestuur bestaan uit 7 lede. Aangesien ons tans min lede het, is besluit dat die bestuur uit slegs lede moet bestaan. Die uitslag was soos volg:

Voorsitter: Mnr. Braam Van Zyl  
Onder Voorsitter: Mnr. Deon Steyn  
Sekretaresse/Tesourier: Mej. D. Bekker  
Adisionele lid: Mnr. N. Van Der Walt

Uit die Nuusbrieff van 14 Julie 1994 die volgende:

Botsing tussen Jupiter en Schoemaker

Een van die grooste en interessantse gebeurtenisse in die geskiedenis van sterrekunde vind hierdie maand plaas wanneer die komeet Shoemaker teen die planeet Jupiter bots. Wat hierdie botsing so uniek maak is die feit dat dit al maande voor die tyd voorspel is.

Met 'n volume van 1330 keer groter as die aarde, is Jupiter die grootste planeet in ons sonnestelsel en oefen dit 'n enorme aantrekkingskrag uit op ander hemelliggame. Sterrekundiges vermoed dat die komeet Schoemaker alreeds in 1970 vasgevang is in Jupiter se aantrekkingskrag en dat dit sederdien om die planeet wentel. Gedurende Julie 1992 het dit egter so na aan Jupiter gekom dat dit in 21 stukke op gebreek het. Die stukke is tot 50 000 000 km ver geslinger en dit het daarna begin terug val. Die verwagting is dat die stukke vir die tydperk 16 – 22 Julie 1994 op Jupiter gaan neesrtort. Die inpak van hierdie botsing gaan groter wees as die krag van al die wêreld se atoombomme saam.

Wat ons alles kan sien.

Vir die van u wat 'n reuse ontploffing met donderslae en blitse vermag, wag daar 'n reuse teleurstelling. Die afstand tussen ons en Jupiter is eenvoudig te groot. Die aand van 21 Julie 1994 sal ons op hoogte gebring word van die jongste verwickelinge. Ons sal ook die geleentheid kry om met die teleskoop na Jupiter te kyk om moontlik skade wat deur die botsing aangerig is, waar te neem.

U aandag word daarop gevestig dat die Fisika Departement, UOVS, op die onderstaande datums aanbiedings by Boyden Sterrewag hou. Mnr. M. Hoffman kan by tel: 4012924 gekontak word vir verdere inligting:

16/07/1994      Koste R75 per persoon (insluitende 'n kaas en wyn ete)  
20/07/1994      Koste R20 per persoon  
21/07/1994      Koste gratis aan ons opbetaalde lede en R20 per besoeker.

### **Julie 16de – Julie 21ste 1994, Boyden Sterrewag**

Saterdag 16/07/1994

Kaas en wyn funksie geborg deur "Pick & Pay". ASSA bedien koffie en tee.

Maandag 18/07/1994

Kaas en wyn geborg deur "Pick & Pay". ASSA bedien koffie en tee.

Waarneming van die botsing tussen Jupiter en Schoemaker:

- Regstreekse uitsending op AGENDA, TV1 – skakel oor na Boyden om ongeveer 21:55. 'n Kort geskiedenis van Boyden word ook uitgesaai.
- Die "Groot botsing" word waargeneem op 'n TV skerm in die saal opgestel wat in verbinding is met 'n CCD kamera op die 60 duim teleskoop.
- Tussendeur is lesings aangebied deur ASSA lede van Johannesburg en Pretoria.
- Mev. Schoch vanaf die Onderwysentrum, Bloemfontein, bied 'n uitstalling aan met betrekking tot komete.

Donderdag 21/07/1994

Bloemfontein ASSA lede vergader by Boyden. Ongeveer 30 persone teenwoordig, 17 lede sluit aan by ASSA 1994 – 1995. Lede neem die omvang van die skade op Jupiter waar deur die groot teleskope, asook op die TV skerm. 'n lid vanaf Pretoria, Mnr. Pieter ? gee 'n interessante inleidende lesing oor hemelliggame. 'n Skyfiereeks opgestel deur Mnr. B. Van Zyl (Voorsitter, Bfn) dien ter illustrasie.

Na aanleiding van 'n brief waarin Mnr. F. C. Naser sy tekenmagte afstaan op die Trust Bank rekening, word die tekenmagte oorgeplaas na :

Mnr. B. Van Zyl (Voorsitter)  
Mnr. D. Steyn (Onder-voorsitter)  
Mej. D. Bekker (Sekretaresse/Tesourier)

### **Augustus 26ste, 1994, Boyden Sterrewag om 6.30nm.**

'n "Bring en Braai" is gehou te Boyden – Sterrewag. Ongeveer 30 persone teenwoordig. Waarneming is deur die teleskope gedoen. 'n Video aangaande die geskiedenis van Boyden is vertoon. 'n Skyfiereeks aangaande verskeie konstalelasies is saamgestel en aangebied deur Mnr. B. Van Zyl. 'n Kort lesing is ook gebied en lesing notas is aan almal teenwoordig uitgehandig.

### **September 8ste – 13de 1994, Onderwysentrum te Dealweg 31, om 7.30nm.**

'n Sterrekunde kursus vir die lede is deur Mev. Schoch aangebied en was 'n groot sukses. Agt en twintig lede het dit bygewoon en al die kursusgangers het baie by die kursus gebaat.

### **Oktober 27ste, 1994, Departement Fisika, UOVS, om 7nm.**

Ongeveer 20 persone was teenwoordig. 1 Nuwe lid het aangesluit. 'n Kort praatjie aangaande die sonsverduistering is gelewer deur Mnr. B. Van Zyl. Die verduistering begin om 16:15 op 03/11/1994 en eindig teen ongeveer 17:20. Die geskiedenis van die sonsverduistering is ook aangebied.

Proponent Lizette de Bruyn het 'n kort lesing, getiteld: "Wat sê die Bybel oor die Skepping (naamwoord) en die skepping (werkwoord)" gelewer. Lesing notas is aan almal teenwoordig uitgehandig en literatuur verwysings is gedoen.

Mnr. M. Hoffman het kortliks terugvoer gelewer oor sy formele besoek aan die Sutherland-sterrewag in die Kaapprovinsie. Na afloop van die byeenkoms is 'n bestuursberpreking gehou aangaande die moontlike aanbieding van die jaarlikse ASSA Nasionale Kongres van 1995, te Bloemfontein.

**November 17de, 1994, Departement Fisika, UOVS, om 7nm.**

Ongeveer 20 persone was teenwoordig. Mnr. Jens Jacobsen het 'n insiggewende praatjie aangaande Radiosterrekunde gelewer en die rol van die amateurs in hierdie veld bespreek.

**Desember 3de, 1994, Boyden Sterrewag, om 6nm.**

'n "Bring en Braai" en sterrekykaand is gehou. Ongeveer 20 persone was teenwoordig plus die eregaste vir die aand, Mev. Drieks Burger en haar familie. Mev. Burger het haar herinneringe van haar werk by Boyden sterrewag met die teenwoordig gedeel.

## 1995

**Januarie 31ste, 1995, Departement Fisika, UOVS, om 7nm.**

Ongeveer 30 persone was teenwoordig. 'n Skyfiereeks met klankbaan aangaande die somerlug is vertoon. Aantekeninge is deur die teenwoordig gevolg tydens die skyfiereeks, om begrip te vergemaklik. Mnr. H. Calitz, (vorige voorsitter) het die beplanning van 'n drie dag kursus in basiese (inleidende) Sterrekunde bespreek. 'n Kursusfooi van R20,00 per persoon sal gehou word. Beplande datums: 06/02/1995, 21/02/1995, 28/02/1995 om 19h00. Beplande plek: Boyden Sterrewag. Mnr. C. de Coning het die voorstel van 'n "naweek onder die sterre" aan die groep voorgelê. Koppiesrus, ekologiese opvoedkundige sentrum, is as plek voorgestel. Datums sal vasgestel word. Mnr. B. Van Zyl (voorsitter) het betrokkenheid van elke lid aangemoedig en 'n teleskoopbouprojek is voorgestel vir verdere oorweging.

**Februarie 6de – 27ste, 1995, Boyden Sterrewag, om 7nm.**

Mnr. Hannes Calitz, vorige voorsitter, het 'n inleidende kursus aangaande Sterrekunde aangebied. Die kursus het oor drie weke gestrek en is op Maandagaande aangebied. Twintig persone het die kursus bygewoon en 'n fooi van R20,00 per persoon is gehou. Hierdie kursus is aangebied met die oog op vorming van klein werkgroepe.

**Maart 7de – 28ste, 1995, Onderwysentrum, om 7nm.**

'n Inleidende kursus is soos tydens September 1994, deur Mev. Magdaleen Schoch van die Onderwysentrum aangebied. Besondere aandag is aan die "evolusie van sterre" gegee.

**Maart 17de, 1995, Koppiesrus Ekologiese Opvoedkundige sentrum, om 7nm.**

'n Sterre navigasie aand is by die sentrum aangebied. Ongeveer 20 mense het die aand kom geniet. Die skattejag onder die sterre het vir baie pret gesorg en die teenwoordig het die aand met 'n bring en braai afgesluit. Sommige persone het oornag en het hierdie spesiale byeenkoms ontspannend en genotvol ervaar.

**April 18de, 1995, Boyden Sterrewag om 7nm.**

'n Byeenkoms aangaande groeppvorming is gehou.

**April 25ste, 1995, Fisika gebou, UOVS, om 7nm.**

'n Praatjie deur Mev. Magdaleen Schoch, van die Onderwysentrum, aangaande "Genesis en die Oerknal", het 60 mense gelok. 'n Resensie van die Boek "Genesis and the Big Bang" deur die Joodse fisikus en teoloog Gerald Schroeder, is gelewer.

'n Skyfievertoning met klankbaan oor die herfslug is met behulp van aantekeninge gevolg.

'n Koerantberigie ter advertering van hierdie byeenkoms het reaksie uitgelok weens die publisering van "Suid-Afrikaanse Astrologiese Vereniging" in plaas van "Astronomie Vereniging van Suid-Afrika". Die drukkersduiwel het die skuld gekry en "Ons Stad" is bedank vir hulle reklame.

**Mei 26ste, 1995, Boyden Sterrewag, om 7nm.**

'n Deurnag sterrenag is gehou. Ongeveer 40 persone het ten spyte van bewolkte toestande opgedaag, waaronder 'n paar persone van die Impala Vliegskader was. Ongeveer 10 persone het die koue trotseer om deur die nag sterre te kyk. 10 studente en 2 dosente van die departement fotografie aan die Technikon OVS het foto's geneem deur die aand. 'n Praatjie aangaande teleskope is deur Mnr. Barnie Fourie aangebied.

**Junie 26ste, 1995, Algemene Jaarvergadering, Departement Fisika, UOVS, om 7nm.**

Die Voorsitter, Mnr. Braam Van Zyl het 'n jaarverslag gelewer waaronder 'n sespunt plan van die Bestuur voorgelê is. Hier is 'n samevatting: Maandelikse nuusbriewe is aan lede gestuur. Die media is van inligting voorsien en praatjies is oor die radio gelewer. Inligtingspraatjies is gelewer en skole is betrek, bv. Die Buitelugskool op Zastron, 'n Skool in Brandfort, asook Fouriesburg. Deur middel van ons Kaapstadse Korrespondent, Mnr. Chris De Coning, is ons tak by die nasionale vereniging verteenwoordig. Die jaarlikse Astronomie simposium word dan ook in 1995 te Bloemfontein gehou. Die grootste teleurstelling van die jaar is beskou as die swak ondersteuning van werkgroepies. Die hoogtepunt word beskou as die genot wat elke lid ervaar met die beoefening van die stokperdjie. Die voorsitter het ook Mnr. Matie Hoffman vir sy insette en ondersteuning bedank. Mev. Schoch van die onderwysentrum is bedank vir haar besondere bydraes en die bestuur is ook bedank.

Die voorsitter het die teenwoordig ingelig met betrekking tot die Astronomie simposium wat vanaf 26 tot 28 September by die Onderwysentrum, Bloemfontein, aangebied word.

'n Finansiële verslag is gelewer.

Die nuwe bestuur is gekies en is as volg:

Voorsitter: Mnr. Hannes Calitz

Ondervoorsitter: Mnr. Deon Stein.

Sekretaresse: Mej. Grietjie Erasmus

Tesouriere: Mej. Elna Pienaar

Drie Addisionele lede: Mnr. Braam Van Zyl  
Mnr. Nic Van Der Walt  
Mnr. Barnie Fourie

Mnr. Barnie Fourie het die aanskaffing van 'n teleskoop deur elke lid as sy ideaal gestel. Die basiese werking van 'n Buschnell is verduidelik.

Mnr. Matie Hoffman van Departement Fisika het 'n insiggewende praatjie aangaande die teorie van die oerknal en sy mees basiese beginsels gegee.

**Augustus 28ste, 1995, Boyden Sterrewag, om 7nm.**

Die byeenkoms is gewy aan observasies van die hele suidelike hemel.

**September 27ste – 29ste, 1995, ASSA Simposium, Onderwysentrum, om 7nm.**

Die ASSA Simposium was hoogs suksesvol en was 'n plesier om by te woon. Vyf uit die 7 lede van die reëlings komitee was lede van die Bloemfonteintak.

Die lede was soos volg:

Mev. M. Schoch (Voorsitter)

Mnr. B. Van Zyl (Finansies)

Mev. D. Van Jaarsveldt (Sekretaresse)

Mnr. C. De Coning

Mnr. D. Steyn

Mnr. N. Van Der Walt

Mnr. M. Hoffman

Hier is 'n opsomming van die program:

**Program: Derde AVSA Simposium. 27 – 29 September 1995.**

DINSDAG 26 SEPTEMBER

Aankoms van Simposium Gaste

18:45 Vervoer vertrek vanaf Onderwysentrum

19:30 King's Singers Konsert – Sand du Plessis Teater

WOENSDAG 27 SEPTEMBER

08:00 REGISTRASIE

08:50 VERWELKOMING – Mnr. G. v.N. de Villiers – Hoof, Onderwysentrum

Sessie 1 (Voorsitter: Mnr. M.J.H. Hoffman)

09:00 "The large Scale Distribution of Galaxies in Three Dimensions" – Prof A. P. Fairal – Departement Sterrekunde, Universiteit van Zoeloeland.

10:00 "Music from the Spheres" – Dr P. Martinex – Departement Sterrekunde, Universiteit van Kaapstad

10:30 Tee

Sessie 2 (Voorsitter: Prof Beesham)

11:00 "Binary Stars with Special Reference to Centaurus X-3" – Mnr. H.J. Smit – Departement Biofisika, UOVS

11:30 Verslag deur die Voorsitter van die Okkultasie Seksie – Mnr. Danie Overbeek – Johannesburg

12:00 Verslag deur die Voorsitter van die komeet en Meteoriet Seksie: "The Rate Profile of the Eta Aquarid Meteor Shower" – Mnr T.P. Cooper – Kemptonpark

12:30 Middagete

Sessie 3 (Voorsitter: Mnr. Cooper)

14:00 Spogsessie vir Amateurtakke van AVSA – Natal, Rhodes, Johannesburg, Pretoria, Kaapstad en Bloemfontein

15:30 Tee

DONDERDAG 28 SEPTEMBER

Sessie 1 (Voorsitter: Dr. P. Martinez)

09:00 "Schoemaker-Levy 9 and Jupiter"

Lesing 1: Dr R. S. Stobie – Direkteur: SAAO

Lesing 2: Dr. D. P. Smits – Hartrao

10:30 Tee (Groepfoto word geneem)

Sessie 2 (Voorsitter: Dr. D. P. Smits)

14:00 "Recent Comet Observations from Southern Africa" Mnr. T.P. Cooper – Kemptonpark



- 14:30 "Famous South African Astronomers" Mnr. R. F. Hurly – Kaapstad  
 15:00 Boyden Observatory: Past, Present and Future?"  
 Die Verlede: Mnr. C. De Coning – Departement Geskiedenis, Vista Universiteit  
 Die Hede en die Toekoms: Mnr. M. J. H. Hoffman – Departement Fisika, UOVS  
 15:30 Tee

#### VRYDAG 29 SEPTEMBER

Sessie 1 (Voorsitter: Mnr. D. Steyn)

- 09:00 "Eclipses" – Mnr. R. F. Hurly – Kaapstad  
 09:30 "Ancient Indian Religious Astronomy of the Stone Ruins of Komatiland" – Dr. C. Hromnik – Kaapstad  
 10:00 Toer van Departement Sterrekunde (insluitende sterrewag), Onderwysentrum – Mev Schoch –  
 Onderwysentrum, Bloemfontein  
 10:30 Tee  
 12:50 Afsluitingsete

#### AANDGELEENTHEDE PROGRAM

##### 27 SEPTEMBER: LAMONT HUSSEY

- 17:30 Bus vertrek vanaf Onderwysentrum  
 18:30 Aankoms by Lamont Hussey (Sterrewagteater). Sjerrie word bedien  
 18:45 Die Burgermeester van Bloemfontein arriveer  
 19:00 Verwelkoming: Mnr. P. Vorster – Die Burgermeester van Bloemfontein  
 19:10 Lamont Hussey, 'n Geskiedkundige Terugblik: Mnr. C. De Coning – Departement Geskiedenis, Vista Universiteit  
 19:30 Gasspreker: Dr. R.S. Stobie – Direkteur, SAAO – Toeligtig oor die voorgenome "South African Large Telescope" (SALT)

Vingerete

##### 28 SEPTEMBER: BOYDEN STERREWAG

- 17:30 Bus vertrek vanaf Onderwysentrum  
 18:00 Aankoms by Boyden Sterrewag. Besigtiging van die Fasiliteite. Drankies word geniet  
 19:00 Verwelkoming: Prof F.P. Retief – Rektor – UOVS  
 19:15 Braaivleis  
 20:15 Toeligtig van Boyden: Mnr. M.J.H. Hoffman – Departement Fisika, UOVS. Sterrekysessie  
 21:15 Koffie  
 22:00 Bus vertrek vanaf Boyden Sterrewag

#### **Oktober die 12de, 1995, Boyden Sterrewag om 7nm**

Barnie Fourie het ons alles van teleskope en die bou daarvan vertel. Die maonlike gebruik van een van die geboue op Boyden vir 'n klubhuis is met graat geesdrif aanvaar en 'n brief vir goedkeuring sal aan die Fisika Departement, UOVS, gestuur word. Daar is ook werkgroepe vir die verskillende aspekte van sterrekunde voorgestel. Ons het ook 'n lekker koppie tee geniet en toe weer 'n paar sterre opgesoek.

#### November die 13de, 1995, Boyden Sterrewag om 7nm

Chris de Coning het vir ons meer vertel oor die geskiedenis van sterre en tyd en hoe die twee ook bymekaar kom. Observasies.

#### **Desember 2de, 1995, Boyden Sterrewag om 7nm.**

Afsluitingsfunksie bestaande uit 'n bring en braai. Ongelukkig was daar slegs van die bestuurslede wat opgedaag het, maar die wat daar was het die aand baie geniet. Observasies.

## 1996

#### **Januarie 22ste, 1996, Boyden Sterrewag, om 7nm.**

Radio astronomie is bespreek. Observasies deur 13 en 60 duim teleskope.

#### **Februarie 15de, 1996, Bestuursvergadering, om 7nm.**

Mnr. Barnie Fourie kan weens werksverpligtinge nie meer as voorsitter optree nie. Mnr. Braam Van Zyl sê hy is bereidwillig om as tydelike voorsitter op te tree tot die volgende verkiesing. Die aansoek om die 16 duim teleskoop gebou te gerbuik vir 'n klubhuis is goedgekeur deur Matie Hoffman van Fisika Departement. As ons die plek wil opknop, is ons welkom om dit te doen. Mnr. Hannes Calitz vra of hy sy teleskoop Boyden toe kan skuif.

#### **Februarie 26ste, 1996, Boyden Sterrewag, om 7nm.**

'n Praatjie oor Radio astronomie word deur Mnr. Deon Steyn gegee. Observasies deur 13 en 60 duim teleskope.

**Maart 4de-5de, 1996, Onderwyssentrum, Dealweg, om 7nm.**

'n Sterrekunde kursus word aangebied deur Mev. Schoch. Inhoud: Maak en lees van planisfeer. Basiese terme en beginsels word verduidelik. Afstand en grootte skale, ons plek in die heelal. Die ontwikkeling van sterre, geboorte, volwassenheid en sterfte. Elke sessie word afgesluit met 'n sterkyk sessie om dit wat geleer is te ervaar.

**Maart 8ste, 1996, Boyden Sterrewag, om 7nm.**

Deirdre Van Jaarsveldt gee 'n praatjie oor die maan. Observasies na verskeie voorwerpe deur 13 en 60 duim teleskope

**April 3de, 1996, Boyden Sterrewag, om 7nm.**

Die maansverduistering word observeer en bespreek asook die komeet Yuji Hyakutake.

**Mei 17ste, 1996, Boyden Sterrewag, om 7nm.**

Deon Steyn gee 'n praatjie oor die verskillende soorte sateliete en die bane wat hulle volg. Observasies deur 13 en 60 duim teleskope

**Junie 14de, 1996, Boyden Sterrewag, om 7nm.**

Gesellige braai en observasies deur 13 en 60 duim teleskope

**Augustus 23ste, 1996, Boyden Sterrewag, om 7nm.**

Jaarvergadering. Die voorsitter Braam Van Zyl lees die jaarverslag waarna die bestuur verkies word:

Voorsitter: Braam Van Zyl

Onder Voorsitter: Deon Steyn

Sekretaresse: Grietjie Erasmus

Tesourier: Elna Pienaar

Adisionele lede: Hannes Calitz

Deirdre Van Jaarsveldt

Dawie Van Jaarsveldt

Verteenwoordiger by die Raad: Chris De Coning

Observasies deur 13 duim teleskoop

**September, 26ste 1996, Boyden Sterrewag, om 7nm**

Maansverduistering word observeer en bespreek.

**Oktober, 4de 1996, Boyden Sterrewag, om 7nm.**

Praatjie deur Dawie Van Jaarsveldt oor die geskiedenis van die Metcalf teleskoop.

Observasies deur 13 en 60 duim teleskope

**Oktober 21ste, 1996, Boyden Sterrewag, om 7nm.**

Die Orionids Meteoriet reën word bespreek en observeer

**Desember 12de, 1996, Boyden Sterrewag, om 7nm.**

Afsluiting en bring en braai. Observasies deur 13 en 60 duim teleskope.

## 1997

In 1997 het die vereniging se lede begin diens doen by die Vriende van Boyden se ope aande.

**Februarie 21ste, 1997, Boyden Sterrewag om 7nm.**

Hannes Calitz gee 'n praatjie oor die skokgolwe wat galaksies maak wat deur die hemelruim beweeg en die effek daarvan.

Observasies deur die 60 en 13 duim teleskope.

**Maart 24ste, 1997, Boyden Sterrewag om 7nm.**

Die maansverduistering word observeer en bespreek.

**April 18de, 1997, Boyden Sterrewag om 7nm.**

Komeet Hale-Bop word observeer en bespreek. Wat 'n pragtige gesig!

**Junie 27ste, 1997, Boyden Sterrewag om 7nm.**

Braam Van Zyl gee 'n praatjie oor die ontstaan van sterre wat hy met projekter illustreer. Observasies deur die 60 en 13 duim teleskope.

**Augustus 15de, 1997, Boyden Sterrewag om 7nm.**

Jaarvergadering. Die voorsitter Braam Van Zyl lees die jaarverslag waarna die komitee gekies word:

Voorsitter: Braam Van Zyl

Onder Voorsitter: Hannes Calitz

Sekretaresse: Grietjie Erasmus

Tesourier: Elna Pienaar  
Addisionele lede: Deirdre Van Jaarsveldt  
Dawie Van Jaarsveldt  
Verteenwoordiger by die raad: Chris de Coning.  
Observasies.

**September 16de, 1997, Boyden Sterrewag om 7nm.**

Die maansverduistering word observeer en bespreek.

**Oktober 4de, 1997, Boyden Sterrewag om 7nm.**

Braam van Zyl gee 'n praatjie oor asteroïdes. Observasies deur die 60 duim en die 13 duim.

**Desember 12de, 1997, Boyden Sterrewag om 4nm.**

Afluiting deur 'n bring en braai en observasies deur die 60 duim en die 13 duim.

## 1998

**Februarie 14de, 1998, Boyden Sterrewag om 2nm.**

Lede kom by Boyden byeen om die klubhuis skoon te maak wat aan ons gegee is.

**Mei 16de, 1998, Boyden Sterrewag om 7nm.**

